# Vrye Weekblad

21 - 28 MEI 1993 R3,00(BTW INGESLUIT)

## DIE BROEDERBOND: Begin van die einde van 'n gesiglose kabaal



Ontmoet Kameraad Verwoerd

**'n Debat oor tamaties wat nie vrot word nie**

**En daar loop Constand amper...**

# INHOUD N° 221

21 - 27 MEI 1993




**13 - 16** Nog nooit in die lang geskiedenis van die **Afrikaner Broederbond,** wat dekades lank die magtigste en invloedrykste liggaam in Suid Afrika was, het dié organisasie só 'n laagtepunt ervaar soos tans die geval is nie, meen **HENNIE SERFONTEIN**

**11 - 12 Woza Verwoerd:** sit Verwoerd en 'n gebalde vuis bymekaar, en jy kry waaroor die Nuwe Suid-Afrika behoort te gaan: die bymekaarbring van twee opponerende stel ideologieë. **TRUDI DU TOIT** ontmoet Wilhelm Verwoerd, 'n kritiese kameraad met 'n beroemde oupa

**17 & 18** Deesdae kan jy kafeïenvrye koffiebone koop, of selfs Flavr-Savr-tamaties wat gewaarborg is om nie vrot te word nie... Maar soos met die groen revolusie van die tagtigerjare, is daar tans 'n lewendige debat aan die gang oor biotegnologie. **INA VAN DER LINDE** doen verslag

**37 Rolprentresensies: CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** resenseer *Singles*, en **CHARL BLIGNAUT** kyk na *Raising Cain* van Brian De Palma

VOORBLAD DEUR LEONID NEPOMNYASHCHY UIT THE POSTERS OF GLASNOST AND PERESTROIKA




**AKTUEEL**
4 DIÉ WEEK
7 CRISIS IN EDUCATION
12 DIE ONDERHANDELINGSTREIN VERTREK

**MENSE**
11 WOZA VERWOERD

**INTERNASIONAAL**
19 IN LAGOS IS CHAOS DIE LEWENSWYSE

**RUBRIEKE & MENINGS**
3 VRYDAGOGGEND
24 BRIEWE VAN ONS LESERS
25 BROLLOKS
28 NETTIE PIKEUR
31 CHRISTI SPEEL POP
33 KLIPOOG
OOR DIE WEEK SE TV

**BOEKE**
26 LIBERTYN
27 COMPOSING A NEW IDENTITY

**KUNS EN VERMAAK**
30 JAMES MCNAMARA SE STELLE ONDER DIE LOEP
32 JOHANNES BRUWER KYK NA DRIE KUNSUITSTALLINGS
34 TEATERNUUS
35 BEVERLEY MITCHELL PRAAT MET CAMILLA WALDMAN
36 RESENSIES VAN *TOYS* EN *VALMONT*
38 VRYE KEUSE EN ROLPRENTGIDSE

**Vrye Weekblad** is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur **Wending Publikasies Beperk** (Reg. No. 88/40168/06).

**WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:**
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
**POSADRES:** Posbus 177, Newtown 2113.
**TELEFOON:** (011) 836-2151
**FAKS:** 838- 5901

**PRETORIA-KANTOOR** (012) 83-4879

**REDAKTEUR:** Max du Preez
**ASSISTENT-REDAKTEUR:** Ina van der Linde
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** Hennie Serfontein
**SUB-REDAKTEUR:** Ryk Hattingh
**KOPIEREDAKTEUR:** Johannes Bruwer
**ONTWERP:** Anton Sassenberg
**VERSLAGGEWERS:** Esma Anderson, Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen, Virginia Keppler, Beverley Mitchell
**OMGEWINGSKONSULTANT:** Tienie du Plessis
**REDAKSIE-ASSISTENT:** Nicolette Viljoen
**FOTOREDAKTEUR:** Sally Shorkend

**FINANSIËLE BESTUURDER:** Mark Beare
**BESTUURDER (BEMARKING):** Elize Viljoen

**KANTOOR-ASSISTENTE:** Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

# so sê hulle

"Maak nie saak watter 'overall' hulle vir my aantrek nie, ek veg."
**DR FERDI HARTZENBERG,** *nuutverkose leier van die KP, oor die ver-regse etiket wat dikwels om sy nek gehang word*

"I understand now that the world is ruled by tired people. They just change planes and hotels."
*Bosnia's foreign minister,* **HARIS SILAJDZIC,** *on the rigors of his quest for international support*


"Hierdie mense is daarop uit om die HNP te verstrik."
**JAAP MARAIS,** *leier van die HNP, oor die voorgenome Afrikaner-Volksfront onder leiding van vier generaals*

"Directors and company executives must resist any populist movement which impels them into actions that may not be in the best interests of all shareholders."
**A *FINANCIAL MAIL*** *editorial on the unbundling process*

"Ons moet nou kies: wil ons die kortpad onder 'n ANC-SAKP-regering vat - 'n pad wat deur die hel loop - of wil ons die lang pad na vrede kies."
Genl **CONSTAND VILJOEN** *by 'n vergadering Dinsdagaand oor die stigting van die Afrikaner-Volksfront*

"I'n not doing so bad. At this point in his administration, William Henry Harrison had been dead 68 days."
**BILL CLINTON** *stacking himself up against America's ninth president*

"Suid-Afrikaanse sepies spreek brandpunte in ons eie samelewing aan. Kwessies soos aborsie en verhoudings oor die kleurgrens word ondersoek. Daar is ook duisende mense wat dink *Slabbert on Sunday* is vervelig."
**FRANS MARX,** *Suid-Afrikaanse sepie-koning, in reaksie op dr Frederik Van Zyl Slabbert se uitspraak voor die keuringspaneel vir die SAUK-Raad dat sepies "irriterend" is*




Dov Fedler in *The Star*

# het jy geweet?

'n Nuwe gloeilamp is verlede jaar in die VSA bekendgestel wat pleks van 'n gloeidraad radiogolwe met 'n baie hoë frekwensie gebruik om lig af te gee. Die nuwe gloeilamp behoort 14 jaar te hou as dit vier uur per dag gebruik word (die normale gebruik in 'n gewone huishouding).

President Hastings Kamuzu Banda is al sedert 6 Julie 1966 aan bewind in Malawi.



# vrydagoggend
## MET **MAX DU PREEZ**

## ONS BETAAL VIR DIÉ ROMANTISERING

**IS** dit nie ironies nie dat dit juis in Suid-Afrika was wat Mahatma Ghandi sy filosofie van lydelike verset en teenstand teen geweld ontwikkel en begin verkondig het? Dieselfde Suid-Afrika waar geweld so geromantiseer word?

In min ander relatief beskaafde lande ter wêreld is daar so 'n kultuur van geweld soos in Suid-Afrika. Dit is daarom nie vreemd nie dat een van Suid-Afrika se unieke "uitvoerprodukte" die halssnoermoord is. In 'n land van 38 miljoen mense was daar verlede jaar meer as 20 000 moorde. In die laaste paar jaar is meer as 10 000 mense al met politieke motiewe om die lewe gebring. Die feit dat Suid-Afrika relatief tot sy bevolking die grootste verkragtingsyfer ter wêreld het, hou natuurlik ook hiermee verband.

Vat maar net die getuienis van die laaste weke. Regse ekstremiste wil die komende verkiesing stopsit, en vermoor vir Chris Hani. Die gevolg is 'n militêre begrafnis vir 'n man van vrede, en weke van geweld. 'n Jeugleier sing op TV dat Afrikaners en boere vermoor moet word. Die townships is vol praatjies van die armed struggle laat herleef. Die skoolkinders is kwaad oor hulle R48 eksamengeld moet betaal. Hulle antwoord is geweld: die afbrand van skole en voertuie en 'n geklipgooi na alles wat beweeg. 'n ANC-leier, Harry Gwala, sê dié week aan Technikon-studente hulle behoort te leer om 'n AK47 te hanteer. Hy word aangehaal dat hy gesê het hy is nie bereid om vir vryheid te sterf nie, maar wel om vir vryheid dood te maak.

Aan die wit regse kant is daar nou meer oorlogpraatjies as tevore - en geweldsplannetjies, soos nog sluipmoorde. Soldate skiet op 'n kombi vol swartmense. Boere vergader en skreeu bloed, en al die regses word verenig deur 'n leierskap van soldate.

**SUID-AFRIKA MAAI** vandag die geweld wat oor vele geslagte inherent was aan apartheid aan die een kant en die weerstand daarteen aan die ander kant.

Geweld is nie 'n resente verskynsel in Suid-Afrika nie. Buiten kleiner stamtwiste in die 16e eeu, is die eerste geweld reeds aangeteken net na die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652, toe die Khoi-mense aan die Kaap "op hul plek gesit" is. Kort daarna volg die Grensoorloë tussen die kolonialiste en die Xhosas in die Oos-Kaap, die bloedige konflik tussen die Voortrekkers en die Zoeloes in Natal, die Anglo-Boere-oorlog van 1899-1902, die 1914-rebellie, die 1922-mynstaking, die Ossewa-Brandwag se terreur. Die trotse bebaarde Boer met sy roer het 'n romantiese simbool geword.

Maar die werklike kultuur van geweld het saam met die ontvouing van apartheid gekom. Apartheid was nooit die eufemistiese "afsonderlike ontwikkeling" wat die apologete dit genoem het nie. Mense is van hul burgerregte en menslikheid ontneem, moes soos slawe altyd identifikasie met hulle saamdra sodat hul bewegingsvryheid ontneem kan word, en hulle is soos troppe diere rondgeskuif. Sielkundig gesproke was dié vorm van social engineering waarskynlik meer gewelddadig as enige ideologie buiten Nazisme.

**DIE EERSTE OVERTE** geweld in die naam van apartheid was die slagting van vreedsame betogers in Sharpeville in 1961. Die volgende rooiletterdag is 16 Junie 1976, toe die swart jeug in opstand gekom en duisende in maande se botsings met die polisie gedood is. In 1984 was daar weer 'n vlaag van geweld wat jare lank geduur en duisende lewens gekos het.

Dit was in die laat 1970's en deur die 1980's dat die NP-regering begin het met die grootskeepse destabilisering van buurstate, die oorloë in Namibia en Angola en met die skep van polisie- en BSB-moordbendes wat anti-apartheid aktiviste moes elimineer. Dit was die brutale era van die Totale Aanslag.

Die ANC het al die jare 'n beleid van lydelike verset gehandhaaf. Maar toe dié bevrydingsbeweging in 1961 as verbode organisasie verklaar en met geweld ondergronds gedwing is, is besluit op 'n veldtog van gewapende geweld.

Onder meeste Suid-Afrikaners was dit nie juis 'n morele kwessie nie. Dit was tog klinkklaar: apartheid is boos en gewelddadig, en alle ander metodes om dit te beveg, was onsuksesvol.

Dit was ook nie lank nie of die gewapende stryd in Suid-Afrika is deur die internasionale gemeenskap, die Wêreldraad van Kerke en die meeste kerke binne Suid-Afrika gekondoneer en selfs goedgepraat. Soos die witmense van suburbia trots stories vertel het oor hul dapper soldate op die "grens", só het township-mense stories vertel oor MK-soldate.

Die goedkeuring van die gewapende stryd deur die internasionale gemeenskap en die kerke het daartoe gelei dat die meeste swart Suid-Afrikaners opgehou het om ooit weer vrae te vra oor geweld as politieke metode. Dit is nie net nooit bevraagteken nie, dit is boonop uitgebou tot iets edels. Dit was nie lank nie, of onder veral jong swartmense het dit die enigste politieke oorredingsmetode geword.

**TOE KOM FEBRUARIE** 1990 en Staatspresident FW de Klerk kondig sy fundamentele hervorminge aan. Die ANC en ander bevrydingsbewegings word gewettig, die apartheidswette word die een na die ander afgeskaf, en die regering stem in tot onderhandelinge om 'n demokratiese verkiesing vir alle Suid-Afrikaners te beding.

Die ANC het kort daarna sy gewapende stryd amptelik gestaak, en verklaar dat geweld as metode nou nie meer aanvaarbaar is nie.

Maar wat vir die ANC-leierskap 'n logiese stap en goeie strategie was, was vir baie jongmense in die townships verraad. Hulle was te gewoond aan geweld, hulle was te verknog aan die romatiek en simboliek van revolusie en die AK47.

Nodeloos om te sê, die politieke geweld het nie einde gekry nie. Inteendeel, en dit is 'n baie ontstellende feit: baie meer mense het ná 1990 in politieke geweld gesterf as die vyf jaar vóór 1990.

Onder veral die swart jeug word lydelike verset of ander politieke strategieë nie eens oorweeg as metode van weerstand of druk nie.

Dié nuwe revolusionêre klimaat het die blanke regsgesindes se geweldsdrome ook weer 'n hupstoot gegee. En pleks van lydelike verset, onderhandelinge en intelligente strategie, is hul eerste dreigement ook dié van geweld. Veral onder die boere in die platteland en die blanke werkers is geweld die enigste opsie.

Dit is dan die les wat uit Suid-Afrika se ervaring te leer is: daar kan 'n punt kom waar geweld die enigste opsie is, maar dit moet 'n ekstreme punt wees. En dan moet die strategie van geweld voortdurend heroorweeg word, en saam met ander politieke strategieë ingespan word.

Geweld mag nooit geromantiseer word nie.



KOPENHAGEN - 'n Teenstander van die Europese Gemeenskapsidee, wat tydens oproer Dinsdag in dié stad deur die polisie geskiet is, word weggedra. Geweldadige gevegte tussen betogers en die polisie het uitgebreek na die bekendmaking van die Dene se Ja-stem vir die Maastricht-ooreenkoms. (Foto: AP)

## AMERIKA ERKEN ANGOLA

**DIE** Clinton-administrasie het dié week vir die eerste keer in vyftien jaar amptelik erkenning gegee aan die Angolese regering. Dié stap word gebruik as "hefboom" om die burgeroorlog tussen die demokraties verkose MPLA-regering in Luanda en die Unita-rebelle te probeer beëindig, sê Clinton.

Maar in Abidjan, Cote d'Ivoire, het dié erkenning misluk om druk op Unita te plaas om die vredesplan te onderteken. Met Clinton se aankondiging het die Angolese regering en Unita nog geen ooreenkoms bereik nie. 'n Ooreenkoms word teen die naweek verwag.

'n Woordvoerder van Unita het kritiek uitgespreek teen dié besluit van die VSA om 'n regering te ondersteun wat voormalige Republikeinse administrasies vyandiggesind was. Die Angolese regering van pres Jose Eduardo dos Santos sê hulle verwelkom dié stap. Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party het ook die stap verwelkom, en sê hulle hoop dié stap sal die burgeroorlog spoedig tot 'n einde bring.

## TOENADERING TUSSEN INKATHA EN NP

**DIE** verhouding tussen die regering en Inkatha het aansienlik verbeter, en Inkatha se vrese oor die onderhandelingsproses is grootliks besweer, blyk uit 'n gesprek wat 'n senior Inkatha-onderhandelaar, Joe Matthews, dié week met buitelandse korrespondente gehad het.

Matthews het aan die joernaliste gesê dat Inkatha beslis nie die rassistiese grondslag van die KP se volkstaatgedagte ondersteun nie, en ook nie die KP sal volg in aksies om die onderhandelings te vertraag of te verongeluk nie.

Matthews sê daar is aansienlike vordering gemaak op verskeie fronte: die aanvaarding van die beginsel van 'n regstaat; die aanvaarding van 'n handves van menseregte; die erkenning van grondwetlike beginsels in 'n tussentydse grondwet; en die verdeling van magte tussen die sentrale regering en die streke.

Oor die ooreenkoms oor magsdeling ná 'n verkiesing sê Matthews die regeringsvoorstelle behels dat alle partye wat 5 persent van die stemme kry, 'n lid van die kabinet sal kan hê. Kry 'n party 10 persent of meer, gee dit dié party 'n verteenwoordiger in die sogenaamde Council of State wat die staatspresident sal adviseer.

Hy sê die volkstaatgedagte is onprakties, want swartmense vorm in elke streek die meerderheid. "Maar ons wil die volkstaatgedagte by die onderhandelingstafel bespreek. Dit is 'n gevaarlike situasie as die regses buite die onderhandelingskonferensie is."

Matthews sê die lidpartye van Cosag stem net saam oor die verwerping van 'n eenheidstaat met 'n sterk sentrale regering. Oor ander sake is daar diep verskille en Cosag het nie veel van 'n toekoms nie. - HENNIE SERFONTEIN



Die fotograwe John Liebenberg van Namibia, Seydou Keita van Mali, en Rashid Lombard van Suid-Afrika (Foto: BETTINA CLASEN)

## AFRIKA IN BEELD

**DIE** derde jaarlikse pers en dokumentêre Photographic Encounter-tentoonstelling in Frankryk het Afrika vanjaar as tema. Volgens die organiseerders sien Europeërs vir die eerste keer beelde van hedendaagse Afrika deur die lens van fotograwe van reg oor die kontinent.

Die plaaslike fotograwe wie se werk vir dié tentoonstelling gekies is, sluit in Robert Magwaza van *Sowetan* met sy reeks foto's van geweld aan die Rand; Rashid Lombard met sy aktualiteitsfoto's van die Kaapstad-gebied en die *Star* se Ken Oosterbroek met sy reeks "Trains of Terror" oor treingeweld in die land.

Daar is ook foto's uit Tanzanië, Senegal, Mali, Namibia, Tangiers en Burkina Faso.

## FASSIE SLAAN 'N NUWE BLAADJIE OM

**BRENDA FASSIE** het ontslae geraak van haar vorige bestuurder en in die openbaar om verskoning gevra vir haar optrede en uitsprake wat tot haar vervreemding in die musiekbedryf gelei het - veral na haar bakleiery met Rebecca Malope.


Fassie se nuwe bestuurder is die "clean-living" Sello Twala - beter bekend as Chicco. Hy gaan haar nou oppas - en seker maak dat sy nie uit haar beurt uit praat nie.

Fassie sê sy het nou verander - sy glo steeds dat die lewe kort is en ten volle uitgeleef moet word, maar sy gaan versigtiger optree. Sy rook selfs minder. Sy't ook gepraat oor haar respek vir die sangeres Rebecca Malope en hoop dat hulle nou weer saam kan optree.



SIDNEY - Dié merkwaardige foto van die Australiese borsslagswemmer Matthew Dunn is dié week geneem net voordat hy deur die wateroppervlak gebreek het. Dunn, wat sewende geëindig het in dié item by die Olimpiese Spele, is besig om te oefen vir die Statebondspele. (Foto: AP)

## CONSTAND DREIG OM TE LOOP



Constand Viljoen

**DIE** eerste krake in die pantser waarmee die regses die politiek van onderhandelinge wou aandurf, het Woensdag op die perskonferensie net na die amptelike stigting van die Afrikaner-Volksfront (AVF) reeds begin wys.

Ferdi Hartzenberg het pas verklaar dat die stigting van die AVF ten spyte van klein verskille die "ems wys waarmee die Afrikaner sy reg tot selfbeskikking beskou", toe hou die leier van die Afrikaner-Volksunie (AVU), Andries Beyers, 'n afsonderlike perskonferensie. Die AVU, het Beyers gesê, is daar omrede hulle kontak tussen Afrikaners wil bevorder. Maar hulle kan nie saamgaan met een van die klousules van die stigtingsakte nie.

Daarna het dit gou genoeg uitgelek: Genl Constand Viljoen het kort tevore by die vergadering agter geslote deure sy goed gevat om te loop nadat die sterk KP-element in die vergadering vir Beyers en die AVU wou uitgooi.

En die rede: Beyers en die AVU wou nie 'n bepaling van die stigtingsakte aanvaar nie wat lui dat die Volksfront enige staatsvorm of eenheidstaat verwerp waarbinne "lede van ander volke" - dus ook Engelssprekendes - "staatkundig oor die Afrikaner-Boerevolk regeer of mede-regeer".

Beyers het aan *VWB* gesê dit beteken dis nie selfbeskikking nie, maar dominasie en dit beteken dat net Afrikaners in so 'n bedeling burgerskapregte en stemreg sou geniet - Paul Kruger en die uitlander-kwessie van vooraf oor. Dis nie wat mens as redelike en billike selfbeskikking kan bestempel nie, sê Beyers.

Daarop is die AVU gesê om te loop en net daar het Viljoen ook sy goed bymekaar begin maak. Eers toe die vergadering besef dat indien Viljoen - "die generaal onder die generaals" - loop, die hele front in duie sou stort, het mense soos Hartzenberg en ander onversetlikes bes gegee. Hulle het toe toegestem dat die AVU mag bly en hul beswaar teen die klousule mag laat notuleer.

Die KP het die AVF duidelik gekaap. Met die uitsondering van Jaap Marais, leier van die HNP (wat nie opgedaag het nie en volgens 'n HNP-woordvoerder nooit gaan opdaag nie), en Eugene TerreBlanche van die AWB, is al die ander lede van die uitvoerende raad van die AVF ook KP-lede.

TerreBlanche het 'n verteenwoordiger gestuur, maar self nie gedink dis belangrik genoeg om dit by te woon nie. Teenoor *VWB* is gesê TerreBlanche tree op soos "die bevelvoerder van 40 000 wat glo dat die AVF net 'n kommando'tjie is wat by hom moet kom aansluit".

Beyers sê: "Die AVF is 'n KP-gelaaide organisasie en daar's bepaald 'n vyandigheid teenoor enige realistiese idees oor die toekoms. Dis duidelik dat die verkiesing van die komitee in die KP-koukus beplan is, wat enige gematigdes wil uitdrywe.

"Ons was teenwoordig om te wys ons wil samewerking tussen Afrikaner-organisasies bevorder. Dit kan gedoen word as almal werklik realisties wil raak oor die toekoms en 'n redelike en billike beleid wil aanvaar wat ontdaan is van rassisme en voorskriflikheid.

"Ons het geen inspraak in die AVF nie, omdat ons nie verteenwoordiging op die uitvoerende raad kon kry nie. Maar ons onderwerp ons nie aan die AVF nie en neem nie verantwoordelikheid vir hul besluite of aksies nie."

Die AVF vra vir meer tyd om die saak na die volk deur te voer en dat onderhandelinge nie kan voortgaan solank as wat geweld en intimidasie voortduur nie. Maar Beyers meen die AVF besef nie dat 'n grondwetlike plan die hoogste prioriteit behoort te wees nie. En die AVF besef nie dat die onderhandelingsproses nie vir hulle gaan wag nie. - INA VAN DER LINDE

## BAIN ME A MESSAGE

**ON** May 27 the facsimile machine that has become an indispensible element of modern office communication celebrates its 150th year since the first rough patent. A report in *New Scientist* traces the fax invention to 30 years before the telephone - to the year 1843 - when it was patented at the height of the Industrial Revolution by Scottish inventor Alexander Bain.

Living in the remote region of Caithness, Bain's early experiments used cattle jawbones for hinges, heather for springs and metal plates buried in the earth for batteries. He patented the machine when he moved to London. His transmission theory was revolutionary for his time - the image sent by being divided into very fine lines. Each line consisted of black and white segments which could be sent like a telegraph (the dots and dashes of Morse code) and reassembled on the receiving end. Bain even used printer's type to assemble his messages, with a stylus moving over an indented page soaked in potassium ferrocyanide to allow for an electromagnetic transmission. Later he used electrolyte paper and perfected the art of "chemical" telegraphy.

His early fax machine was never fully developed. In 1865, it was used to transmit the first faxes between Paris and Lyon. In 1870 the service was ceased because of lack of interest. The more modern fax was only fully developed in the late 1960s and was then only used by newspapers. In 1974 the first digital faxes came into operation. Today the fax can operate as a modem attached to your computer and is being manufactured on a minute scale - small enough to fit inside your palm.

Bain was also the inventor of the first electric clock (operating on electromagnetism to pull the pendulum), but never made much money from his inventions. In 1872 the British government gave him a retirement pension in honour of his work. - CHARL BLIGNAUT

## KILLER JAMILE'S RELEASE SURPRISED BUTHELEZI

**IN** a move that surprised even Chief Mangosuthu Buthelezi himself, the Ministry of Correctional Services this week released the notorious former kwaZulu Minister of Interior, Samuel Jamile, convicted of murder and attempted murder which the presiding judge said was not political.

While welcoming the release of Jamile - described as a feared Inkatha warlord in Lamontville township in Durban - Buthelezi told the kwaZulu Legislative Assembly that the release might cause a "furore".

Jamile, who served only two years of his sentence, was sent to life imprisonment in 1991 for the murder of his former tenant, Joseph Khumalo and the attempted murder of his fiancée, Thokozile Shabalala.

He is one of the six prisoners released in terms of the controversial Further Indemnity Act which provides that the crimes should have been committed with a political motive if such releases were to be considered.

In a statement, the Ministry of Correctional Services said all the six cases had been considered by the National Council of Indemnity which came to the conclusion that they all fell within the ambit of the Further Indemnity Act.

The Ministry said the release would promote reconciliation and peaceful solutions and added that "the release must in no way be seen as condonation of the serious crimes they committed." Lawyers for Human Rights (LHR) said it was outraged at "the latest example of the government's inept and dishonest handling of the political prisoner release process". The organisation said the government was attempting to placate its constituency by releasing criminals who happen to have right wing or security force links to counter the releases of left wing prisoners.

"Such actions", said LHR, "only further eroded public confidence in the administration of justice. If this has now become the primary criteria for release, we are curious as to what the government thinks about the impact on peace and reconciliation that the release of Barend Strydom has had."

Meanwhile, the Natal midlands ANC this week pulled off from all negotiations with Inkatha Freedom Party accusing the organisation of chanting pro Janusz Walus slogans. Speaking on Radio Zulu on Tuesday, the ANC's midlands deputy chairman, Blade Nzimande accused Inkatha supporters at Inkatha's peace marches in Pietermaritzburg on weekend of praising the man who is charged with the killing of Chris Hani.
- WALLY MBHELE



MADRID - 'n Verwoede bul probeer 'n gevalle perd gaffel tydens 'n bulgeveg dié week in die Las Ventas-arena in Madrid. Die perd het ongeskonde daarvan afgekom. Wat met die bul gebeur het, sê niemand nie. (Foto: AP)

## ANC HERSIEN BELEID OOR CHINA

**DIE ANC** het blykbaar besluit om hom te verbind tot 'n "twee-China-beleid", dit wil sê 'n de facto-aanvaarding van die aparte bestaan van sogenaamde "Rooi" China en Taiwan.

Dit is 'n fundamentele afwyking van die tradisionele ANC-beleid die afgelope drie dekades om outomaties in alle gevalle China te ondersteun en te weier óf om Taiwan te erken óf selfs kontak met dié land te hê.

Die beplande besoek volgende maand van Nelson Mandela, die president van die ANC, aan Taiwan is 'n aanduiding van die belangrike ommeswaai in die ANC se buitelandse beleid.

Verlede week het Thabo Mbeki, die hoof van die ANC se departement van Buitelandse Sake, Beijing besoek. Die doel was blykbaar om China voor te berei op die verandering in ANC-beleid.

Dit word verstaan dat die Taiwan-regering - met een van die sterkste ekonomieë ter wêreld - van plan is om 'n aansienlike finansiële skenking aan die ANC te maak.

Ook vir Taiwan behels dit 'n radikale beleidsverandering. Met die VSA as sy nouste bondgenoot, was dié land tydens die Koue Oorlog tradisioneel gekant teen alle bondgenote van China, dus ook die ANC.

Daarbenewens het dit noue bande met die Suid-Afrikaanse "apartheidsregering" gehad in 'n stadium toe die wêreld Suid-Afrika geïsoleer het.

Nouer samewerking tussen die ANC en Taiwan sal natuurlik ook verhoudinge met die VSA, en veral met die konserwatiewe sakegemeenskap, vergemaklik.

Die Chinese regering is natuurlik 'n baie sterk ondersteuner en bondgenoot van die SAKP. Tydens die SAKP-konferensie 18 maande gelede het die verteenwoordiger van Beijing geesdriftig die verbintenis van die SAKP tot die langtermyn-ideale van 'n sosialistiese revolusie ondersteun. - HENNIE SERFONTEIN

## LEIERSKAPSTRYD IN ANC VERWAG

**INGELIGTE** bronne in ANC-kringe voorspel leierskapwoelinge binne die organisasie in die nabye toekoms.

Daar is sterk sprake dat die veteraan Walter Sisulu, 79, die vise-president van die ANC, eersdaags uit sy pos gaan bedank. Hy sal waarskynlik dan die nuwe voorsitter van die ANC word, na die onlangse afsterwe van Oliver Tambo.

Omdat die vise-president beskou word as dié persoon wat by Nelson Mandela, 74, gaan oorneem, word 'n kwaai geveg verwag om 'n opvolger vir Sisulu te kies.

Drie kandidate word genoem: Thabo Mbeki, hoof van die Departement Buitelandse Sake van die ANC; Cyril Ramaphosa, Sekretaris-Generaal; en Tokyo Sexwale, die ANC-voorsitter van die PWV-streek.

In sowel die binnekringe van die ANC as in NEC-geledere is daar sterk steun vir Mbeki, hoewel hy homself die afgelope twee jaar waarskynlik doelbewus op die agtergrond gehou het.

Mbeki geniet ook sterk steun in veral die Jeug- en die Vroueliga. Van sy ondersteuners bevraagteken dit egter of hy die vegtersinstink of lus het om in 'n verkiesingsgeveg betrokke te raak.

Na buite word Ramaphosa as die gunsteling gesien vanweë sy hoë openbare profiel, maar daar is vraagtekens of dit die gevoel in die besluitnemende binnegroepe verteenwoordig.

Die dilemma vir Ramaphosa is dat die ANC-leierskap mag sê dat die organisasie in die kritieke stadium voor 'n algemene verkiesing dit nie kan bekostig dat hy na slegs twee jaar uit die pos van Sekretaris-Generaal kan bedank nie.

Sou Ramaphosa wel verkies word as vise-president, word Sexwale beskou as die sterkste kandidaat om hom as Sekretaris-Generaal op te volg. - HENNIE SERFONTEIN

## WILLIE CILLIERS BEGRAWE

EEN van die laaste van 'n geslag wit predikante wat reg van die begin af voor geloop het in die stryd teen apartheid in die familie van NG Kerke, ds Willie Cilliers, 65, is op Hemelvaartdag op Stellenbosch begrawe na hy die vorige Sondag skielik dood is na 'n hartaanval.

Hy het laasjaar afgetree as sekretaris van sending en evangelisasie van die Suid-Transvaalse sinode van die NG Kerk in Afrika. Hy is sedert 1957 aan die swart kerk verbonde.

Ds Sam Buti, moderator van die NGKA, het hom bestempel as een van die min wit predikante van dié kerk wie se volle geloofwaardigheid aanvaar is. "Hy was 'n wyse vader na wie opgesien is, 'n vriend, 'n kollega en 'n liefling in die swart kerk," sê Buti. In 'n tyd wat die NGKA vir wit predikante gesê het "missionary go home", is Willie Cilliers geloof vir sy rol as bemiddelaar in kerklike samesprekinge oor kerkeenheid, vir sy evangelisasiewerk onder Boesmans in Botswana en vir sy ekumeniese samewerking in kommissie van die SA Raad van Kerke, onder andere oor evangelisasie op die fabrieksvloer.

Prof Jaap Durand, 'n oud-klasmaat, het hom bestempel as 'n man wat baie hard agter die skerms gewerk het, maar nooit die kollig op homself laat val het nie.

"Dis jammer dat daar nooit werklik erkenning gekom het vir dit wat hy gedoen het nie." - INA VAN DER LINDE

## QUATRO HET PALLO VAN MENSEREGTE GELEER

DIE Motsuenyane-kommissie wat beweerde skendings van menseregte deur die ANC ondersoek, het dié week by die FNB-stadion gehoor dat Joe Nhlanhla, veiligheidshoof van ANC, as voorwaarde gestel het dat die berugte Quatro-kamp in Angola eers moet hervorm voordat hy die pos sou aanvaar.

Quatro word allerweë beskou as dié plek waar menseregteskendings teenoor ANC-afvalliges begaan is. Op die vraag wat verkeerd was met die kamp, het Nhlanhla geantwoord: "Die kamp was primitief. Daar was nie sprake van verbetering nie. Ons het plek nodig gehad om ontspanningsgeriewe te skep. Die plek was te oorhaastig geskep."

Vroeër het sy voorganger as veiligheidshoof, Mzwandile Piliso, aan die kommissie gesê daar was niks verkeerd met die kamp nie, "buiten die lugventilasie in die selle". Oor die skending van menseregte het Piliso geantwoord: "Sulke gedrag was nie net 'n oortreding van my eie opdragte nie, maar ook van ANC-beleid."


Pallo Jordan, inligtingshoof van die ANC, het getuig dat hy nie bitter is oor sy aanhouding nie, al was hy ses weke in eensame aanhouding - vier weke sonder om een keer van klere te verwissel. Jordan se aanhouding was die gevolg van sy kritiek op die ANC se veiligheidsdepartement.

Jordan sê hy dra geen wrok nie, omdat die organisasie in daardie stadium deur Suid-Afrikaanse agente geïnfiltreer was. So is 'n hele kamp vergiftig, en 'n ander kamp is deur die Suid-Afrikaanse regering gebombardeer. Hy was nooit gemartel nie, en terwyl hy daar was, het hy 'n les in menseregte geleer, sê Jordan. - BEVERLEY MITCHELL

Die krisis in swart onderwys is niks nuuts nie - maar het nou 'n breekpunt bereik met massa-optredes deur sowel leerlinge as onderwysers wat dreig om nóg 'n skooljaar vir duisende leerlinge verlore te laat gaan. So ernstig het die situasie geraak dat Nelson Mandela dié week Staatspresident FW de Klerk ontmoet het vir dringende samesprekings in 'n poging om die beoogde staking deur sowat 80 000 onderwysers van aanstaande Maandag af te probeer afweer. Teen druktyd gister was hul samesprekings, wat Woensdag begin het, steeds aan die gang en was dit nog onseker of wel voortgegaan sal word met die staking. Maar of die staking plaasvind of nie, die krisis in swart onderwys bly knel - ondanks talle onderhandelinge wat op die ou end geen werklike vrugte afgewerp het nie. **WALLY MBHELE** ondersoek die krisis uit die oogpunt van die leerlinge sowel as die onderwysers wat hulle tot massa-aksie gewend het



# 'Enough is enough'




What is the teachers' strike all about? Are Sadtu's members neglecting the interests of black children by laying down chalks in the midst of an already serious crisis in education? Sadtu general secretary Randall van den Heever motivates the organisation's position in an interview that was conducted before Nelson Mandela met State President FW de Klerk this week in an attempt to resolve the crisis



Randall van der Heever (Pic: SALLY SHORKEND)

**COMMANDING** a membership of about 80 000, Sadtu was formed on October 6, 1990 when more than 15 teacher organisations united into a single union. Its launch also preceded a series of wildcat strikes by teachers - marking a new era in the teachers' struggle with teachers taking advantage of the promise of a new South Africa made earlier that year by the State President.

Described by one educationist as "capable of wreaking havoc", Sadtu's members are drawn mostly from a young, militant generation of teachers. Lately there has been a dramatic flow of older teachers to Sadtu.

Apart from being a professional body, Sadtu has publicly declared that it is also a trade union for teachers.

**What is Sadtu's stand on trade unionism for teachers?**

We boldly explored the whole avenue of trade unionism for teachers when we were formed. For this we came under considerable attack from those organisations who have not dissolved like Tuata, Natu and CTPA, who profess to be professional organisations rather than trade unions. We don't reject the concept of professionalism in education - it's a very important concept - but we believe trade unionism for teachers is an equally important concept. Teachers are workers in terms of having to earn a salary, having to have certain service benefits, and the trade union rights would help us to ensure those very important rights.

At this point all teachers who are union members have agreed to work on a labour relations bill in which teachers will have the right to strike - a right that other workers enjoy under the Labour Relations Act. Unfortunately that work is still in the process of being completed - but we've progressed a long way down that road. But at this point in time teachers in this country do not formally and legally have the right to strike.

**Are you definitely going ahead with a strike on Monday?**

Yes. We have exhausted the process of negotiations. The teachers have the right to strike as a last resort.

We have conducted negotiations on the question of teachers' salaries, the retrenchment of teachers and other issues. We have met with the various education ministers at one stage or another and finally with the State President himself, Mr De Klerk, at Tuynhuis on the 15th of March. We put our demands to him: for a living wage for teachers, for an end to rationalisation and an end to a unilateral restructuring. Mr De Klerk listened and gave a number of responses - but in the main he rejected our demands.

We then reported back to our membership, who decided to take a ballot on strike action because all of our attempts to resolve the dispute have failed. More than 90 per cent voted in favour of a strike. So our NEC decided to go on strike from next Monday.

If there are any attempts at intervening to resolve the strike, those attempts may go ahead - but the ball is in the government's court. If the government does not respond clearly to Sadtu's demands, the strike will continue.

We believe our demands are reasonable and realisable. We are asking for the reopening of negotiations on the salary issue.

We were busy negotiating salaries with the Department of National Education in December last year when the State President unilaterally intervened and announced that whatever the outcome of this process might be be, he will only allow a five per cent salary increase. That unilateral decision flew in the face of collective bargaining procedures as recognised all over the world. So, we are simply saying to him "reverse that process" and reopen the negotiations.

**But the government can argue that it is prepared for negotiations and that you are not prepared. For instance, last Monday, you called off the meetings proposed with the DET and DNE on the same issue. Are you not shirking your responsibility?**

No, you see, our problem is this divide and rule system. There are fifteen different education departments within the Ministry of National Education and other ministers underneath them. Very often these various ministers take conflicting positions - which can become very confusing.

We want to make sure that we are not going to be hoodwinked at this very important stage of our struggle. We can see that other negotiations with the DET and others will complicate the issue. We last made our demands clearly to the State President and he was the one who intervened in negotiations concerning the salary issue. We want to hear from him at this stage.

**What compromises may Sadtu consider as an option to avert the strike?**

The reopening of the negotiation process is already a compromise. The original position on teachers' salaries we took last year was that we want a 30 per cent increase. When we met with other teacher organisations to discuss this demand, we agreed with them to drop from 30 to 25 per cent. All we are saying is: Reopen the negotiation process so that we can negotiate the matter. On our side that is already a very reasonable compromise.

**Will this really be an indefinite strike?**

We used that term [indefinite] in one of our statements and perhaps it's an unfortunate word. The strike is intended to resolve the dispute. As soon as the dispute is resolved the strike will end. If it is resolved before May 24, there will be no strike. If it takes three days to resolve the dispute, the strike will take three days. If the government is not prepared to resolve the dispute, the strike will continue until the government is prepared to accept our reasonable demands.

**Will this strike not be too costly for black children's education?**

There are all kinds of problems in education. These problems have been there for many, many years. We have been talking about the crisis in education since 1976. Even before 1976 we spoke for years about the crisis in education. Every year it's like a vicious syndrome, every year there is a focus on matrics and the DET, all kinds of comments are passed that this a reflection of the education crisis. Some dramatic intervention is required to resolve this.

You know even very radical suggestions have been made.

There are people who say why don't we stop this whole system, take everybody out of the school for two years, sit down and do a total overhaul of the system and remove the dark cloud of the past that is hanging over it. We are not saying it should happen but there are people advocating that kind of a position.

What we are saying is that a serious intervention is required - much more than merely talking. We are fed up with people talking about the problem and not doing anything about it.

The question of underpaying teachers has been discussed for many years. We as teachers cannot allow this government to shirk its responsibility the way they are trying to do, we are not going to let them off the hook as far as this matter of teachers' salaries, working conditions and security is concerned.

**Nelson Mandela has offered his intervention by seeking an urgent meeting with President FW de Klerk ...**

We value his intervention very much and we believe his intervention with De Klerk could go a long way in finally resolving this dispute.

**Mandela is particularly concerned about the future of the young generation, which he says might fall into the fold of uneducated and unskilled illiterates who may not be able to do service to the new democracy as a result of strike and boycott actions.**

We share similar sentiments. We are the faces that are preparing the youth for the future. In principle, we totally support his sentiments in that regard. But in a certain sense we are fighting for our survival here, to be teachers in a new SA. Thousands of our teachers are facing the axe from the Nationalist Party government this year. Many of them are at their prime and don't want to be retrenched because they are qualified as teachers and have in their lives aspired to a new democratic SA. They want to remain teachers and serve the new country. We want to build, along with Mandela and others, a country and develop our future generation along those values that Mandela proclaimed.

**How will you ensure that there is minimum damage during the strike?**

While we will stop at nothing less than the meeting of our demands, we must ensure minimum damage to education. That is why we have gone out of our way to negotiate recognition agreements with various education departments. We meet them on a regular basis. We are the only union in this country that deals with 15 education departments.

But if negotiations have been exhausted and have not borne fruits, then we reserve the right to withhold our labour as a last resort. These negotiations, on salaries, on rationalisation, on the formation of the Nation Education Forum have been there for longer than a year and we think we have been tolerant enough. Our slogan now is: "Enough is enough".

We are not irresponsible to the concerns of ensuring a minimum damage to learning. We don't reject them out of hand but we will take stock of them every step of the way as we embark on the strike.

**Can one say Sadtu is caught between your obligation to teach and your labour rights?**

That sums it up very well. This week we are consulting with our parents, students and community organisations to inform them about our motivation for our proposed action and to ask their support for our demands.

**The National Education Conference adopted a Code of Conduct last year laying the basis of discipline for teachers, students and others. Is it adhered to?**

I must agree that though we adopted a Code of Conduct, no work has gone into ensuring that it applies to teachers and pupils. I will be the first to admit that and recommit ourselves to work on that. It needs more inward-looking, looking at ourselves rather than looking at the government only.

That Code came out of the era of protest where pupils attempted to make schools and the government ungovernable. Now we are in a period of transition to a new government. We accept we need to shake off the negative, reactionary and protest tendencies that have developed. In a sense they were negative but to us they were positive. They were directed at an illegitimate government. I think the very act of electing a democratic and legitimate government will go a long way towards persuading all the people in this country, including teachers and students, to act in a much more considerate manner towards the authorities of the day.

I believe the election of a representative, legitimate and democratic government that represents the people in this country will have such a sobering effect on everbody concerned that there will be a much more conducive climate for teachers and students to act in a manner that behoves them within the democratic framework. Unfortunately we still do not have those democratic traditions.

# ’n Billike eis - of ’n vonk in die kruitvat?

## ’n Kort perspektief op die dooiepunt tussen die onderwysersvereniging Sadtu en die regering

**MAANDAG** sal Suid-Afrika die grootste staking tot dusver vanjaar ervaar word wanneer sowat 80 000 onderwysers landwyd wat lede is van die South African Democratic Teacher's Union (Sadtu) ’n staking van onbepaalde duur begin om hoër salarisse te eis.

Die staking, wat aansluit by die voortgesette veldtog deur die Congress of South African Students (Cosas) om die matriekeksamen-fooi geskrap te kry, het reeds ernstige kommer gewek by verskeie organisasies en leiers. Terwyl sommige vrees dat die staking die reeds plofbare situasie sal vererger, waarsku ander dat dit gaan bydra tot ’n toename in die druipsyfer van swart leerlinge.

Ondanks pleidooie deur die ANC en Nelson Mandela dat onderwysers moet nadink oor hul beoogde optrede, het die onderwysersunie Sadtu die vaste voorneme uitgespreek om met niks minder tevrede te wees nie as dat die regering toegee aan dié unie se eise.

Sadtu eis onder meer ’n salarisverhoging van 25 persent, ’n einde aan die rasionaliseringsproses (afdankings) wat onderwysers betref, en die stigting van ’n Nasionale Onderwysforum om oor die nuwe onderwys-struktuur te onderhandel.

In ’n laaste poging om die staking af te weer het Nelson Mandela Woensdag Staatspresident FW de Klerk ontmoet met die hoop om ’n kompromis aan te gaan wat die dooiepunt kan oorkom.

Soortgelyke ontmoetings met die regering is aangevra deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Congress of South African Trade Unions.

Volgens berigte sal die regering binnekort ’n aankondiging doen oor die stigting van ’n Nasionale Onderwysforum en ’n moontlike moratorium op eksamengelde. Geen aanduiding is egter gegee of die kwessie van salarisse ook ter sprake gebring sal word nie.

In die verlede kon verskeie ontmoetings tussen die regering en Sadtu nie daarin slaag om ’n ooreenkoms oor dié kwessie te bereik nie. Die regering het tot dusver geweier om toe te gee aan die eis om hoër salarisse. - WALLY MBHELE

# WHAT COSAS WANTS

## Congress of South African Students president Moses Maseko explains the reasons for the movement’s present protest actions

**Most people are confused about what is happening in black education. Can you enlighten us?**

A summit was held by the NECC to which all organisations with an interest in education were invited. An agreement was reached to give the government a seven day ultimatum to respond to all the demands of students and pupils before May 24. If the government does not respond positively, we'll embark on another mass action campaign. As far as Cosas is concerned, we'll intensify most of our actions.

**What are the reasons for your present protest actions?**

We demand that the examination fee be scrapped, and we demand the supply of neccessary resources at schools - text books, enough teachers, furniture and all the related things. Our other demands include the establishment of a National Education Forum which will start to address the future and present needs of education. We also want the government to meet the teachers' demand on salary packages. We believe it is unreasonable of De Klerk just to pop in on that issue and close it as he wants. Those are our major demands at present.

**But the examination fee seems to be your major concern...**

It moves with our own thinking and our own policy. As Cosas we envisage a free and compulsory education and we started that struggle a long time ago. A question of free and compulsory education is part of our objective. That's why you see students struggling so much. The whole question of the examination fee needs to be resolved.

**The government has already compromised by reducing it from R72 to R48.**

The government took that compromise knowing full well that it does not represent the interest of all the people of the country. They never consulted with the structures concerned. We said they must scrap the whole exam fee but they reduced the amount. They gave us no reasons for that. To us, it is clear they took a political decision because they want to satisfy their own constituency. We don't regard that compromise as a victory for our demand.


**What about the wildcat strikes and boycotts you embarked upon since last week?**

We were trying to highlight the anger of the people on the ground. It is not only Cosas that is concerned about the issue, but even students on the ground, in the classroom. It was showing the students' commitment to the struggle for a free and dynamic compulsory education. We announced that the students must embark on mass demonstrations, mass picketing and other forms of mass action and activities. The maximum participation of students in those actions surely shows that it was done in the interests of all students.

The government was trying to blackmail or divide the students by saying a number of students have registered already. By calling for those actions we are trying to highlight that the students are with us in the process. Even those who have paid already have started to demand their repayments. In all the calls we have made, the students are moving with us. We have asked students not to pay but only to register and they have positively responded.

**In view of the time already lost in class boycotts, don't you think this strategy has become controversial and risks the possibility of more failures?**

This tactic is not controversial, it's one of the strategies we usually use when faced with such a situation. We use it to



Frank Mdlalose en Andries Beyers

# DIE TREIN OP PLATFORM SEWE IS
# DIE TREIN NA WELTEVREDE

**Ná 'n lang gestoom en blaas in die stasie het die onderhandelingstrein dié week uiteindelik vertrek met die eerste konkrete bespreking oor die roete na 'n nuwe grondwet. Die Konserwatiewe Party dreig steeds om die trein te ontspoor, maar te oordeel na die optrede van hul Cosag-vennote gaan hulle dalk net die trein se spoed beperk, skryf HENNIE SERFONTEIN**

**DIT** was dieselfde plek en dieselfde mense, maar dié keer was daar 'n sin van doelmatigheid.

Die 26 politieke partye het Dinsdag by die ontmoeting van die Onderhandelingsraad voorlopige verslae van die sewe tegniese komitees aangehoor. Daar was geen vasvallery nie en die komitees het opdrag om by die volgende vergadering op 25 Mei met substantiewe voorstelle te kom, terwyl 3 Junie steeds die teikendatum is wanneer 'n datum vir 'n algemene verkiesing vasgestel kan word.

Geen wonder nie dat Roelf Meyer, minister van Staatkundige Ontwikkeling, sê die konsensus wat bereik is, is 'n "mylpaal vir die onderhandelingsproses" en dat Cyril Ramaphosa, die ANC se sekretaris-generaal, sê "die stadium is bereik waarin verandering onomkeerbaar is".

Siniese mense sal miskien sê dat hulle al die afgelope twee jaar soortgelyke optimistiese voorspellinge gehoor het, terwyl die onderhandelinge daarna maar net weer vasgeval het.

Maar in die lig van die besprekings tydens en rondom die vergadering van die Onderhandelingsraad, en veral die wyse waarop die hele proses gestruktureer en beplan word, is daar geen twyfel dat mens van 'n deurbraak kan praat nie.

Dis waar dat die KP nog steeds buite die konsensus staan. Thomas Langley, die hoofonderhandelaar van die KP, het dan ook die uiteensetting van die tegniese komitee oor grondwetlike sake oor selfbeskikking verwerp, omdat dit na bewering op 'n eenheidstaat-model gegrond sou wees. Die KP-voorstelle maak dit duidelik dat 'n aparte blanke staat, óf totaal onafhanklik, óf in 'n losse konfederasie, beoog word.

**MAAR TWEE REALITEITE** ten opsigte van die KP is ook ewe waar. Die KP het nog nie uitgeloop nie, en senior onderhandelaars beklemtoon dat hoe langer hulle daar bly, hoe moeiliker dit vir hulle gaan wees om vorentoe 'n uitstappery te regverdig.

Daarby is daar alle aanduidinge dat sy vennote in Cosag oor sekere grondwetlike en strategiese sake fundamenteel van die KP verskil en nie van plan is om die huidige onderhandelingsproses te verongeluk nie - hoewel die onlangse "wartalk" van veral die IVP daardie indruk mag geskep het.

Trouens, 'n sleuteloomblik in die debatte Dinsdag was toe Joe Matthews, 'n senior IVP-onderhandelaar, asof berekend onmiddellik na Langley op die been gekom het om hom direk te weerspreek.

Matthews het dit duidelik gestel dat die verslag van die tegniese komitee beslis nog nie bepaal het of Suid-Afrika 'n eenheidstaat gaan wees of nie. Die opsies is nog heeltemal oop en moet onderhandel word, het Matthews beklemtoon.

Hy het ook Langley se "eng" interpretasie van selfbeskikking verwerp en daarop gewys dat selfbeskikking iets is wat in verskillende lande verskillend hanteer word, en dit dus eintlik 'n kwessie van "praktiese politiek" is.

**DIE BELANGRIKSTE ASPEK** van die vergadering is dan ook dat die tegniese komitee oor grondwetlike sake die hele kwessie van selfbeskikking in streekregerings tromp-op aangespreek het.

Trouens, vier van die tien bladsye van die verslag gaan oor selfbeskikking. Die reg van selfbeskikking van individue en groepe is onomwonde aanvaar, maar dit is ook beklemtoon dat dit met ander grondwetlike sake verband hou.

Soos een onderhandelaar dit gestel het, daarmee is die kwessie van selfbeskikking "gedemistifiseer". Daar is wegbeweeg van teorieë en vae bespiegelinge.

Vir die KP het die oomblik van waarheid nou aangebreek. Want hoewel die KP kennelik van die verslag verskil, is die onus nou op hom om met sy konkrete voorstelle, met kaarte en al, oor die grense van 'n volkstaat na die Onderhandelingsraad te kom. Die AVU se planne oor 'n Afrikaner Volkstaat is reeds op die tafel.

Wat die kwessie van streeksregerings betref, was daar twee belangrike verwikkelinge: 'n kommissie word onmiddellik aangestel om binne die volgende ses weke met 'n verslag te kom oor die afbakening van grense van die voorgestelde streke wat as basis vir die eerste algemene verkiesing moet dien.

Dan is die tegniese komitee oor grondwetlike sake opdrag gegee om "as 'n saak van dringende prioriteit" aanbevelings oor die strukture, magte en funksies van streke, oor grondwetlike beginsels en oor die grondwetmakende proses te maak.

**'N BELANGRIKE ASPEK** van die proses is dat die tegniese komitee, wat 'n nie-politieke karakter van deskundiges het, met konkrete voorstelle na die onderhandelingsraad kom. Laasgenoemde is dan gebind om slegs daardie bepaalde konkrete voorstelle te bespreek, te aanvaar, te verwerp of terug te verwys. Dit beteken dat die tyd vir wilde algemeenhede verby is.

Dis ook ewe belangrik dat van IVP-kant daar geen verdere uitbarstings oor die geweld-kwessie was nie en dat die besluit eenparig was om te wag vir die verslag van die tegniese komitee oor geweld by die volgende vergadering.

Eweneens was daar van IVP-kant geen besware oor die kwessie van die TEC (Transitional Executive Councils) geopper nie, iets wat hulle nog nie aanvaar het nie.

Maar al dié positiewe verwikkelinge het nie sommer vanself uit die lug geval nie. Die deurbraak vir die konsensus oor streke - die KP uitgeslote - is bewerk omdat die ANC nie meer daarop aandring dat 'n verkose grondwetlike vergadering die enigste liggaam is wat oor die magte, funksies en samestelling van streke kan besluit nie.

**DIE ANC HET DIT** in hul jongste verfynde grondwetlike voorstelle ook duidelik gemaak dat hy aanvaar dat die streke oorspronklike magte mag hê. Colin Eglin, die hoofonderhandelaar van die DP, het gesê dat die toegewing deur die ANC uiters betekenisvol is, en "sodra ons oor die grondwetlike beginsels besluit het, is dit effektief in klip geskryf".

As teenprestasie vir die toegewing deur die ANC het die IVP nou blykbaar sy besware oor die TEC en 'n algemene verkiesing laat vaar.

'n Belangrike bydraende faktor tot die gladde verloop van die verrigtinge en die duidelike nuwe positiewe gesindheid onder alle onderhandelaars wat duidelik diep onder die besef is van die erns van hul verantwoordelikhede, was blykbaar 'n private ontmoeting verlede week tussen Ramaphosa en Frank Mdlalose, die voorsitter van die IVP. Daar is lank en reguit gepraat en dit het die grondslag agter die skerms gelê vir die deurbrake by die onderhandelingstafel Dinsdag.

'n Opvallende kenmerk van die besprekinge was die goeie atmosfeer wat deurgaans geheers het. Daar is met humor soms steke aan mekaar uitgedeel, maar dit was nooit persoonlik nie. Die respek vanoor die hele spektrum vir Mdlalose as voorsitter, was opvallend. Hy het die situasie taktvol hanteer en die verskillende onderonsies soms tussen hom en sommige van die sprekers was in 'n goeie gees.

Ramaphosa, wat heel naaste aan die voorsitterstafel sit, en Mdlalose was in verskillende onderonsies betrokke wat Mdlalose met 'n reguit gesig en humor hanteer het as hy hom teruggekap het, wat Ramaphosa met 'n breë glimlag beantwoord het.

**JOE SLOVO,** die leier van die SAKP-afvaardiging, het dan ook aan die einde van die dag met diepe erns en duidelik vanuit sy hart groot lof aan Mdlalose toegeswaai vir sy waardige en indrukwekkende hantering van die dag se verrigtinge. Hoewel Langley en sy party duidelik die buiteperd was, was verhoudinge tussen hom en die andere hoofsaaklik ook gemoedelik, hoewel die verskille diep is.

Dit lyk asof die beplanningskomitee met hulle keuse vooraf van watter persone vir watter take verantwoordelik was, geslaag het om spanninge te ontlont. So was Mdlalose in die voorsitterstoel bygestaan deur Rowan Cronjé van Bophuthatswana - dus twee verteenwoordigers van Cosag wat diep wantrouig oor enige ANC-regering-geknoeiery is.

Ewe interessant was die keuse wie namens die verskillende tegniese komitees die verslae voorlê. Dit was Marinus Wiechers, die bekende grondwet-deskundige, maar ook adviseur van die IVP, wat heel indrukwekkende aanbiedinge van die tegniese komitee oor grondwetlike sake gedoen het.

Dan was dit Dawid van Wyk, 'n vorige lid van die sogenaamde Buthelezi-kommissie wat die aanbieding oor die TEC - 'n saak waaroor die IVP tot nou toe nog vasgeskop het - gedoen het.


As dit só aangaan, is die onderhandelingstrein se volgende stasie Weltevrede.

# WOZA VERWOERD

**Verwoerd - simbool van die Afrikaner se Republikeinse strewes en identiteitsbehoud tot 'n uiterste gevoer. Viva! en 'n gebalde vuis - simbole van solidariteit met swart Suid-Afrikaners se strewes. Ook die ANC. Sit die twee bymekaar, en jy kry waaroor die Nuwe Suid-Afrika behoort te gaan: die bymekaarbring van twee opponerende stelle ideologieë. En dit nogal in Parow, konserwatiewe Boerevesting. TRUDI DU TOIT ontmoet 'n kritiese kameraad met 'n beroemde oupa**

**DIT** gee die mense nuwe hoop dat ons tog met mekaar kan saamleef, het talle mense gesê wat Wilhelm Verwoerd gelukgewens het dat hy as ANC-lid by 'n ANC-vergadering in Parowopgetree het. Atleetskraal en met 'n profiel wat sterk aan sy oupa herinner, is hy nog effe verbluf oor die opslae wat sy bewoë bydrae tot die ANC se eerste aanslag op tradisievaste Afrikanergebied gemaak het. Dit was 'n simboliese vergadering, sê hy, en hy was as simbool daar. Dit besef hy. Want as gewone lid van die ANC, sonder mandaat van enige organisasie om hulle te verteenwoordig, was dit sy familienaam wat gemaak het dat die mense van Hanoverpark en Ravensmead hom gevra het om te praat.

En die vrae en debatte wat sy deelname tot gevolg gehad het, is presies wat hy graag as filosoof (hy is filosofie-lektor by die Universiteit van Stellenbosch) *wil bevorder.* Dat mense wegbreek uit ou identiteitslyne getrek deur taal, skool en kerk en 'n slag krities vra waaroor Afrikanerskap, geregtigheid, demokrasie en sulke dinge gaan. Ook dat mense betrokke raak, verantwoordelikheid aanvaar vir hul burgerskap. Meedoen, eerder as net terugsit en vat wat die leiers opdiep.



Wilhelm Verwoerd Foto: DE KAT

**SY SIMBOLIESE WEGBREEK** van wat tradisioneel as Afrikanerwaardes beskou is, was dramaties. Nie alleen oor wat sy oupa verteenwoordig het of omdat Carel Boshoff, van Voortrekker- en Volkstaat-faam, sy oom is nie. Dit strek ook dieper as sy ouma wat in Orania woon - sy het die meeste begrip getoon vir sy besluit, sê hy, al stem sy nie saam nie. Sy besef dat dit weens Christelike beginsels geneem is.

Dit gaan eerder om die gebruik van 'n naam wat vir die massas 'n simbool van al hul negatiewe ervarings was, om iets positiefs te skep, 'n nuwe begin aan te dui waarin mense saamwerk om die verskille uit te wis. En hy glo dat sy oupa sou verstaan het, want volgens wat die familie vertel, was hy 'n man wat sy politieke opponente se standpunte waardeer het. (Wilhelm was twee jaar oud toe Tsafendas gesteek het).

En miskien is dit ook reg dat dit juis 'n Verwoerd is wat nou vir 'n jonger geslag aandui dat Afrikanerskap 'n nuwe definisie moet kry. Hy respekteer en het begrip vir die ouer geslag se waardes en die verlede wat Republiekeinskap en Afrikaneropheffing so belangrik gemaak het. Maar nou het dit tyd geword om breër te kyk.

**DIE AFRIKANER MOET** nou sy verbintenis tot Afrikaanskap aanvaar - sy betrokkenheid by 'n kontinent met al sy probleme, armoede en politieke omwentelinge aanvaar, sê hy. En krities deelneem aan die proses. Omdat hy self van kleins af die simbole van die geykte "goeie Afrikaner" verteenwoordig het, het sy uitbreek uit die gegote vorm soveel meer impak.

Wilhelm Verwoerd is in 1964 in die Moedersbond in Pretoria gebore. Hy was onderhoofseun van Paul Roos-gimnasium op Stellenbosch. Hy was Presidents-verkenner - die hoogste sport in die Voortrekker-beweging. Hy het gedroom van Springbokatleet word - op skool het hy WP- en Bolandkleure verwerf. Hy het "Ja" gestem in die 1983-referendum. Hy was voorsitter van die Admissiebond, sekretaris van die KJA, sy koshuis se ouderling, huiskomiteelid van Wilgenhof... Hy was 'n briljante Stellenbosse student wat nie net sy BA met teologiese vakke, honneurs- en MA-graad cum laude ontvang het nie, maar ook in 1989 wenner van die kanseliersmedalje was. Hy was drie jaar lank lid van die Ruiterwag.

Al was hy Piet Pompies, sou dit alleen hom as voorbeeldige Afrikanerseun getipeer het. Maar toe, verlede week, juig 'n skare ANC-ondersteuners hom Viva! Verwoed! toe.

Hoe rym dit?

**"APARTHEID WAS** ongelooflik suksesvol," sê hy van sy vormingsjare. Sy rustige, bevoorregte, tipies intellektuele middelklasbestaan op Stellenbosch het hom onbewus gemaak van wat buite dié enklawe gebeur. In matriek was dit vir hom ondenkbaar dat Kleurlinge by die debat oor Afrikaner-identiteit ingesluit word.

Geleidelik het kontak hom bewus gemaak dat daar ervaringswêrelde is wat ingrypend van syne verskil. 'n Groep medestudente in Lenasia wat tydens 'n ontmoeting kort-kort, bang vir die Veiligheidspolisie, oor hul skouers loer. In 1988 het hy ook as lid van 'n universiteitsgroep ANC-leiers in Lusaka ontmoet. Hy was bly en verras om gul ontvang te word omdat hy 'n mede-Suid-Afrikaner is, maar tog kriewelrig om die hand van Joe Slovo te skud.

Hy het bewus geword van die negatiewe uitwerking wat sy naam op talle mense se lewens gehad het, ervaar dat mense dit helend vind om hom te vertel hoe kwaad hulle vir sy oupa was. In 1989 toe hy 'n konferensie oor Afrika in Oxford wou bywoon, was sy naam genoeg om die Amerikaners te laat beswaar aanteken. Al was hy destyds lid van die NDM en later DP. Blade Nzimande van die SAKP het gesê hy moet toegelaat word, en hy het dit gewaardeer.

Drie maande se navorsing vir sy tesis in Nederland en die Rhodes-beurs wat hy verower het, was die eerste wegbreek uit die tradisioneel Afrikaner-kokon. Die afstand en inligting waaraan hy by Oxford blootgestel was, het hom uit 'n ander hoek na Suid-Afrika laat kyk. Die etiek van die Rhodes-student van betrokkendheid by die gemeenskap en 'n terugploeg van die gawes wat jy ontvang het, is vir hom belangrik. Hy is sekretaris van die demokratiese dosente-organisasie op Stellenbosch en is betrokke by Opvoeding vir Demokrasie.

**ONDANKS GESOGTE** werkaanbiedinge in Engeland wou hy terugkom. Die depressiewe, verarmde, eng lewensuitkyk van 'n ou land het hom nie aangestaan nie. Die opwinding, vernuwing hier het hom gelok. Hoewel hy beklemtoon dat aansluit by die ANC geen piekniek of waarborg van 'n rooskleurige toekoms is nie. Maar juis daarom kan mense nie bekostig om op die kantlyn te staan en vingers te wys nie, sê hy. Gewone mense moet betrokke raak. Veral jong Afrikaners.

"Dit is die ironie van apartheid - die Afrikaner is so prominent

uitgebeeld as die onderdrukker, dat dit nou heeltemal uit proporsie geruk word as 'n Afrikaner iets positiefs doen. Dit is tot groot voordeel van die Afrikaners, want 'n klein teengaan van die negatiewe assosiasies word ekstra positief gesien."

'n Boek oor die betekenis van Afrikaanskap - die feit dat jou identiteit nie afhanklik is van politieke en taal-affiliasies nie, maar dat jy veelvoudige identiteite as lektor, man, pa, Afrikaanssprekende ens. het - was die laaste strooi wat hom laat besluit het om ANC-lid te word. Anthony Appiah se *In My Father's House* het hom laat besef dat hy, as Afrikaan, heeltemal by alle mense betrokke moes raak. Sy vrou, Melanie, se aansluiting na Jannie Momberg se kaas-en-wyn vir Nelson Mandela in September 1990, het die weg voorberei.

Hulle het ontmoet toe hy tutoriale dosent en sy die enigste vrou in die eerstejaar teologieklas was. Terwyl hy op Oxford gestudeer het, het hulle anderhalf-jaar lank langafstand gevry, maar is in 1987 getroud, waarna sy vir 'n anderhalfjaar lank saam met hom Oxford toe is.

Op die referendum-dag in Maart 1992 is sy tot die Stellenbosch-takbestuur verkies. Sy het so tuis gevoel en haar deelname so geniet, dat hy ook verlede April aangesluit het.

**HY HET LANK** gepraat met sy familie. Daar is vier broers - Hendrik, by die SAUK, Dirk, die roofvoël-kenner by Onderstepoort, en Gideon, nog mediese student by Tygerberg. Hulle het geweet en aanvaar hy deel nie hul politieke oortuiginge nie. Die feit dat hy steeds groot vriende is met sy neef klein Carel Boshoff, dat sy oom Carel Boshoff hul kind gedoop het, gee hom egter hoop dat alle Afrikaners hul verskille kan oorbrug.

Tog het sy openbare optrede as 'n skok gekom. Die gebruik van die Verwoed-naam as simbool regverdig hy egter as 'n krisisoptrede in 'n krisistyd. Juis omdat dit skok en mense laat nadink. Die gebalde vuis, die sing van *Nkosi Sikelel' iAfrika* in Afrikaans op die Parow-vergadering, gee mense hoop op versoening, sê hy.

Maar dit is nie hoe hy sy rol sien nie. Hy beskou homself as filosoof wat krities vrae vra en antwoorde soek. Vir eers is dit sy persepsie van die ANC se beginsels van nie-rassigheid, nie-seksisme en die demokrasie soos verteenwoordig deur konsultasie, deelnemende betrokkenheid van lede en kritiese beskouing van leiers, wat hom aanstaan. Hy wil veral bou op die demokratiese beginsels - die entitlement en victim kultuur onder die jeug probeer afbreek. 'n Samelewing van bydraers en nie net verbruikers nie, help skep. Daar is ook die opwinding van deel wees van 'n organisasie wat so 'n groot verskeidenheid mense buite sy ou wêreld verteenwoordig.

Hy sal bly kritiese vrae vra, sê hy. The People shall Govern is nie genoeg nie. Hoe gaan die mense regeer? Waarom moet die mense regeer? is vir hom belangriker.

"In 'n sin is ons almal filosowe. Ons moet die oogklappe afhaal. Net deur te bevraagteken maak 'n mens die lewe die moeite werd," is sy credo - mits jy 'n dak oor jou kop en kos in jou maag het. En hopelik word daar 'n geslag nuwe Afrikaners vir die Nuwe Suid-Afrika geskep.

is jy die burger wat 'n nuustydskrif as intelligente huisgenoot soek - een wat jou met elke lees 'n nuwe insig gee? kyk jy graag die kat uit die boom voor jy 'n besluit neem? is jy bekommerd oor die beeld van die afrikaanssprekende suid-afrikaan wat nie genoeg rapport het met sy landgenote nie?

**dan's daar nuus vir jou op bladsy 20**

# Hoe het die helde geval!

## Nog nooit in die lang geskiedenis van die Afrikaner Broederbond, wat dekades lank die magtigste en invloedrykste liggaam in Suid Afrika was, het dié organisasie só 'n laagtepunt ervaar soos tans die geval is nie, meen **HENNIE SERFONTEIN**

**"PATETIES"**, "lagwekkend", "onvolwasse" is maar net sommige van die opmerkings wat 'n mens die afgelope week vanuit Afrikaner-geledere hoor verwysende na die onlangse openbare optredes van 'n hele paar huidige én gewese lede van die Afrikaner Broederbond (AB).

Terwyl tientalle vooraanstaande lede uit die AB bedank, óf omdat hulle eerlik verander het, óf meer waarskynlik omdat omstandighede hulle daartoe gedwing het, is JP de Lange, AB-voorsitter, en sy mede-leiers naarstiglik besig met 'n poging om dié krisis te besweer.

Hoewel die AB in die verlede óf bewonder óf veroordeel is, was dit altyd ernstig opgeneem as 'n organisasie met werklike statuur en invloed. Maar met die jongste AB-manewales kom dié organisasie voor as lagwekkend, 'n organisasie sonder styl en substansie.

Niks het die AB so ontmasker soos die openbare onderhoude met aansoekers tot die nuwe SAUK-raad nie. Slaan 'n mens die kleitrappery, dubbelpratery en gerespekteerde Afrikanerleiers se pogings om die waarheid te ontvlug gade, kan jy nouliks glo dat dit hulle was wat meegehelp het om die Afrikaner so lank te manipuleer en tot 'n vaal eenvormigheid te konformeer.

Onwillekeurig is daar die vergelyking met die kommunistiese maghebbers van Oos-Europa wat ook dekades lank hul eie mense mislei het. Soos in die geval met die Oos-Europeërs kan 'n mens nie anders nie as om te vra: hoe doodgewoon, kleurloos en onindrukwekkend is hulle nie noudat hulle van hul ampte gestroop is nie?

> Vrye Weekblad het pas die jongste geheime dokumente van die Afrikaner Broederbond (AB) bekom. In dié dokumente word die sluier onder meer gelig op die worsteling binne die AB oor hoe om hom aan te pas by die nuwe situasie in die land, asook die voorstelle aan die Bondsraad oor 'n "nuwe AB" wat waarskynlik 'n nuwe naam gaan kry en wat sy lidmaatskap sal uitbrei na anderskleuriges en vroue. Alle berigte op bladsye 13 - 16 is deur HENNIE SERFONTEIN



**NEEM AS VOORBEELD** die onoortuigende vertoning - om die sirkus maar sagkens te beskryf - van Boet Fourie voor die paneel van regslui.

Hy is 'n vooraanstaande man, voorsitter van die SA Landbou Unie, stoere Nasionalis en amptelik 'n "verligte" Afrikaner wat hervorming ondersteun. Maar die reguit vrae van regter Ismael Mahomed of hy aan 'n geheime organisasie al dan nie behoort, probeer hy lomp ontduik. Hy wil dit nie bevestig of ontken dat hy lid van die AB is nie (wat hy inderdaad is). Selfs toe die regter hom vra of hy openlik aan besprekings sal kan deelneem as hy lid van 'n geheime organisasie is, weier hy om te antwoord.

Watter organisasie? Dit bevestig slegs die vermoede by baie mense dat die sogenaamde "nuwe AB" met al sy sogenaamde verligte aanpassings, nie wesenlik in pas is met die fundamentele veranderinge in Suid-Afrika nie. In 'n oop gemeenskap, met 'n ope verantwoordbaarheid en deursigtigheid is dié soort inligting tog noodsaaklik om te bepaal of die betrokke mense geskik is om deel te neem aan die skepping van 'n nuwe ope gemeenskap.

Trouens, 'n mens kan sê as die AB dit eens is met 'n nuwe, oop Suid-Afrika, dit summier sy geheimhouding sou opskort en 'n normale, ope organisasie word.

**DAN IS DAAR DIE** geval van Hendrik Sloet, gerespekteerde Afrikaner-sakeleier en 'n aantal jare reeds lid van die huidige SAUK-raad. Maar volgens hom behoort hy nie aan 'n geheime organisasie nie, en het dus heel onlangs bedank.

Maar in antwoord op vrae tydens Agenda op TV swyg hy in sewe tale op die een kernvraag: Was hy lid van die AB terwyl hy op die SAUK-raad gedien het? Dis 'n sleutelvraag, want ons moet tog weet of hy deel was of nie deel was nie van die AB-strategie oor die jare wat die SAUK gemanipuleer het en verantwoordelik was vir dekades se propaganda en breinspoeling.

Soos andere, sê hy ook: Laat ons die verlede vergeet en oor die toekoms praat. Maar hulle vergeet almal dat daar geen behoorlike fondamente vir 'n nuwe toekoms gelê kan word sonder 'n behoorlike blootlegging van die verlede nie.

Pieter Potgieter, Moderator van die NG Kerk, sê ook aan die paneel van regters dat hy nie 'n lid van 'n geheime organisasie is nie. Daarna sê hy in 'n media-onderhoud dat hy uit die AB bedank het, hoofsaaklik weens druk van die NG Sendingkerk (NGSK) en die NG Kerk in Afrika (NGKA). Daar bly 'n vraagteken hang oor hoe werklik sy verandering is, want slegs tot enkele weke gelede het hy saam met ander NG kerkleiers alle kritiek uit die geledere van die NGSK en NGKA op die AB en hul lidmaatskap verwoed verwerp.

**DIE VRAAG WORD** gevra of die onverwagse bedanking van mense soos Sloet en Potgieter nie gebeur het slegs enkele dae voor hul onderhoude met die paneel van regters nie, toe dit bekend geword het dat lidmaatskap van geheime organisasies 'n probleem geword het? AB-lid of nie, mense soos Sloet en Potgieter is steeds deurdrenk met die tradisionele AB-filosofie en -ideologie. Dit is vir die AB belangrik dat van sy lede (óf geesgenote) ten alle koste op die nuwe raad moet kom.

Dit is egter verbasend dat Johan Heyns, voormalige Moderator van die NGK, nie deur die paneel oor sy AB-lidmaatskap uitgevra is nie. Trouens, die afgelope maande was daar naas De Lange geen ander persoon wat die bestaan van die AB en sy lidmaatskap daarvan so vurig in openbare onderhoude en tydens gesprekke met die NGSK en NGKA verdedig het nie.

Heyns was tot twee jaar gelede lid van die Uitvoerende Raad (UR) van die AB en is duidelik steeds 'n invloedryke AB-lid. Hy is die voorsitter van die FAK, wat volgens geheime AB-dokumente die "openbare arm" van dié organisasie is.

Toe hy ná Potgieter se bedanking gevra is of hy steeds lid is, het Heyns geantwoord dat mense se AB-lidmaatskap "nou volkome irrelevant" geword het in die lig van die verandering wat in dié organisasie plaasvind. Hy wou geen vrae oor sy lidmaatskap beantwoord nie, en het gesê mense moet die saak nou laat rus.

**"ONS MOET NOU** konsentreer op wat essensieel belangrik is. Ons moet aan die werk spring en die verlede vergeet," het Heyns gesê, terwyl hy soos andere bontgespring het om nie duidelik ja of nee te antwoord nie - 'n kenmerkende eienskap van die AB. Maar in 'n gesprek met VWB het hy dit duidelik gemaak dat hy steeds 'n lid is.

In die lig van al dié ontwykings is dit betekenisvol dat Willem de Klerk dit ondubbelsinnig op Agenda gestel het: As 'n mens lid van die nuwe SAUK-Raad wil wees, kan jy nie 'n lid van die AB ook wees nie. Hy was self vir jare lid van die AB, lid van die UR en moes in 1991 bedank vanweë sy egskeiding.

Eweneens word daar in akademiese kringe gewonder of Andreas van Wyk, aangewese rektor van die Universiteit van Stellenbosch, wel 'n oortuigingsverandering ondergaan het, en of dit nie bloot 'n strategiese stap was om steeds AB-belange te bevorder omdat hy geestelik steeds met die organisasie is nie.



EKSKLUSIEF:

# Die Broederbond gaan 'verdwyn'

– word dalk kultuurliggaam in radikale vernuwing

Peet Kruger,
Politieke Beriggewer

deringe gevra.

Hoewel die gewone lede nog nie om hul mening oor 'n naamsverandering gevra is nie, is 'n nuwe naam 'n sterk moontlikheid weens die organisasie se negatiewe beeld.

Die benodigde veranderinge kan reeds vanjaar op 'n spesiale verjaar-... ongres beroep word, hoewel

Nasionale Party se ekwivalent van die SAKP.

Sy 20 000 lede hou egter vol dat dit 'n blote kultuurorganisasie is wat afgekraak word omdat hy die krag agter Afrikaner-nas...

Die AB ...
des ...

heid het by ander ingetree. Dit spruit glo veral uit die besef dat die organisasie in 'n nuwe bedeling sy magsrol agter die skerms sal verloor.

Stoere AB-lede sê die organisasie kyk ná 75 jaar weer na sy doeltreffendheid. "In 1918 ... die organisasie ... vir daardie tyd. Ons wil hom ... nuwe 1993-beeld gee vir die ...

...digheid sal die ...openbaar be-...maak.

# Tussen die pers en die Bond val die waarheid op die grond

**DIE** huidige uitsprake van JP de Lange, voorsitter van die Afrikaner Broederbond (AB), en ander senior leiers in *Beeld* en *Rapport* is vol teenstrydighede, dubbelpratery en feitelike onwaarhede.

Dis duidelik 'n wanhopige poging van die AB-leierskap om die huidige verwarring in eie geledere - die interne krisis wat uitkring namate al hoe meer vooraanstaande lede bedank - te besweer.

Ontleed 'n mens egter die uitsprake in die media, besef jy dit is gevul met halwe waarhede en wanvoorstellings. So kondig *Beeld* met groot fanfare verlede week in 'n voorbladberig aan: "Die Broederbond gaan verdwyn - word dalk kultuurliggaam in radikale vernuwing".

By die lees hiervan weet 'n mens nie of jy moet lag of huil nie. Want oor baie jare as 'n mens die AB gekritiseer het oor sy geheimhouding, magspolitiek en regstreekse betrokkenheid by die politiek, was die verduideliking soos 'n refrein: Die Broederbond is 'n onskuldige kultuurorganisasie wat met die politiek niks te doen het nie.

Maar geheime dokumente van die AB oor die jare bewys dat die AB as sodanig weinig met kultuursake te doen het en die meeste van sy tyd aan politieke, ekonomiese en sosiale sake wy.

Volgens AB-beleidstukke is dit die FAK - die "openbare arm" van die AB - se taak om die "kultuurakker te bewerk".

**MAAR IN 'N ONDERHOUD** in *Beeld* verlede Saterdag sê De Lange: "Die FAK en die Rapportryers kyk elkeen ook na hul posisie. Maar hulle is onafhanklike organisasies met hulle eie besture en kongresse wat self sal besluit.

"In my eie gemoed het ek geen twyfel nie dat daar in Afrikaner-kultuurorganisasies 'n rasionalisasie moet plaasvind."

Kennelik is De Lange verkeerd om die FAK as 'n "onafhanklike" organisasie te beskryf. Die FAK is indirek onder AB-beheer, is deur die AB gestig sodat AB-kultuuraksies deur die FAK gekanaliseer kan word. Dit is dan ook Johan Heyns, 'n senior AB-lid en vir jare lid van die UR, wat die Voorsitter van die FAK is.

In *Rapport* verlede Sondag is dit betekenisvol dat De Lange - anders as die naamlose AB-lede in *Beeld* twee dae vantevore wat dit as 'n suiwer kultuurorganisasie beskryf het - uitspel dat die AB hom in der waarheid met alle lewensterreine bemoei het. De Lange sê dat "die AB op elke lewensterrein omsien na die behoeftes van die Afrikaner. Sedert die jare tagtig is daar egter 'n besef dat hierdie belange van die Afrikaner verweef is met die belange van almal in Suid-Afrika."

De Lange erken dus daarmee dat die AB met kultuur as sodanig nie veel te make had nie, maar 'n politieke rol in die breedste sin van die woord gespeel het.

**MISKIEN IS DIE** belangrikste van die uitsprake van De Lange en sekere ander Broederbonders dat die AB - in stryd met die indruk wat geskep word - beslis nie die meeste van sy geheimhouding gaan afskaf en 'n normale ope organisasie gaan word nie.

'n (Naamlose) persoon sê in *Beeld* dat in sy nuwe hoedanigheid sal die organisasie meer in die openbaar beweeg en sy standpunte bekend maak - iets wat nou in elk geval gebeur. Maar volgens die persoon beteken dit nie sy vergaderings sal oop wees of dat hy sy "ledelyste op die straat sal rondstrooi nie".

De Lange sê in *Rapport*: "Die organisasie (moet) steeds vertroulik wees, maar dat die resultaat van sy besinnings openbaar gemaak moet word, sodat daar debat oor gevoer kan word. Daarom moet sy mense ook bekend wees."

Wat De Lange nie sê nie, is dat volgens die jongste geheime voorstelle dit van individuele lede sal afhang of hul lidmaatskap bekend gemaak sal word of nie.

De Lange het ook in die vooruitsig gestel dat die naam tot Afrikanerbond verander kan word, en dat vroue en anderskleuriges toegelaat kan word.

# Ja, sê die Broers

**DIE** uitslag van die geskiedkundige interne referendum wat die Broederbond in Januarie en Februarie onder al sy lede en selle gehou het, is nou bekend.

Volgens die uitslag wat op 26 April 1993 bekend gemaak is, het 15 358 lede daaraan deelgeneem, wat 87,4 persent van die aktiewe lede verteenwoordig.


Belangrike aspekte van die uitslag is:

* Die AB is geensins van plan om sy geheimhouding te laat vaar nie en wil slegs op 'n beperkte wyse 'n oper organisasie word.
* Lede mag slegs lidmaatskap bekend maak indien dit in belang van die Afrikaner-saak is.
* Lidmaatskap moet steeds tot mans beperk word hoewel aanvaar word dat die woord "blank" as vereiste vir lidmaatskap weggelaat kan word.

Hier volg die uitslag van die antwoorde op tien vrae wat die einde van verlede jaar aan selle en individuele lede gevra is:

1. Moet die AB soos tans as vertroulike organisasie voortbestaan? - 79 persent "Ja".
2. Moet die missie van die AB, met die klem op die bevordering van die Afrikaner se belange tot die voordeel van die land en al sy mense, uitgeleef word? - 96 persent "Ja".
3. Geheimhouding ten opsigte van keuring, en mede-lede se lidmaatskap, moet gehandhaaf word. Stem u saam? - 88 persent "Ja".
4. Mag individuele lede hulle eie lidmaatskap in uitsonderlike omstandighede erken of bekend maak indien dit in belang van die Afrikanersaak is? - 84 persent "Ja".
5. Vertroulikheid ten opsigte van besinning en werksaamhede moet gehandhaaf word. Stem u saam? - 83 persent "Ja".
6. Stem u saam dat van die AB se standpunte, studiestukke, gespreksdokumente en ander uitgesoekte stukke wanneer dit in belang van die Afrikanersaak en die beeld van die AB is, meer dikwels deur die UR in die media bekendgestel moet word? - 92 persent "Ja".
7. Die UR moet segsmanne aanwys om namens die organisasie aan openbare debatte en media-onderhoude deel te neem. Gaan u akkoord? - 91 persent "Ja".
8. Keur u goed dat die grondwet van die AB so deur die Bondsraad verander word dat vaartbelyning van optrede wanneer nodig, moontlik gemaak word? - 92 persent "Ja".
9. Stem u saam dat die bepalings in verband met lidmaatskap deur die Bondsraad gewysig word deur die woord "blanke" weg te laat maar met klem op Afrikanerskap? - 74 persent "Ja".
10. Moet lidmaatskap tot mans beperk word? - 76 persent "Ja".







LINKS NA REGS:JP de Lange, Johan Heyns, Pieter Potgeieter, Hendrik Sloet, Andreas van Wyk

# Só lyk die nuwe konsep-grondwet

**DIE** Uitvoerende Raad (UR) van die Afrikaner Broederbond (AB) het pas 'n konsep-grondwet voltooi wat aan alle selle en streeksrade gestuur is. Dit is tans onder bespreking van die streke en selle wat later hul reaksie aan die UR sal terugstuur sodat die Bondsraad die einde van die jaar 'n finale besluit daaroor kan neem.

VWB gee hier 'n klousule-vir-klousule-uiteensetting van die konsep-grondwet en wys in hakies op veranderinge met die vorige grondwet:

1. NAAM: Die naam van die organisasie is die Afrikanerbond. (Dit vervang die naam "Afrikaner Broederbond".)

2. GRONDSLAG: Die organisasie vind sy grondslag in die aanvaarding van die Bybel as die woord van God en die rigtinggewende betekenis daarvan vir die hele lewe. (Dit vervang die vorige Grondslag wat sê: "Die Bond staan op Christelike Nasionale grondslag.")

3. STREWE: Die strewe van die organisasie is om uitgaande van sy Bybelse grondslag die Afrikaner-gemeenskap te dien in belang van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap met die oog op ontwikkeling tot uitnemendheid op elke terrein. (Dit vervang die vorige klousule 3, wat gesê het: Die leuse van die Bond is "wees sterk".)

4. DOELSTELLINGS: Die doelstellings van die organisasie is:
4.1 Die konkrete uitlewing van sy strewe.
4.2 Die vestiging van eerbied vir en bevordering van die fundamentele regte en verantwoordelikhede van die individu en gemeenskappe, ook in hulle onderlinge verbondenheid.
4.3 Dienslewering aan die Afrikanergemeenskap deur die uitbou en bevordering van veral eensgesindheid, samewerking, ons taal en kultuureie.
4.4 Die bou van 'n Suid-Afrikaanse nasie deur die bevordering van integriteit, respek vir mekaar en 'n gesindheid van welwillendheid, verantwoordelike burgerplig, toegewyde arbeid 'n gemeenskaplike vaderlandsliefde en respek vir die omgewing.
4.5 Die beskikbaarstelling van die diensbaarheid van elke lid op sy terrein van deskundigheid. (Dit vervang 'n vorige klousule 4 wat baie sterk klem gelê het dat die AB Afrikanerbelange bevorder. Daarvolgens was die doel om eensgesindheid onder alle Afrikaners wat die welsyn van die Afrikanervolk nastreef, te bevorder. Die opwekking van 'n nasionale selfbewussyn by die Afrikaner, en die bevordering van alle belange van die Afrikanervolk.)

5. TAAL: Die taal van die organisasie is Afrikaans. (Hier is geen wysiging nie.)

6. LIDMAATSKAP: Lede van die organisasie is persone wat hulle met die grondslag, strewe en doelstellings van die organisasie vereenselwig en word deur werwing of aansoek verkry. (Dit vervang 'n vorige klousule waarvolgens slegs Afrikaanssprekende, blanke Protestante "skoon van karakter en vas van beginsel, ook in die handhawing van sy Afrikanerskap" lid kon word.)

## 'N PAAR VERKLARENDE NOTAS

**DIE** Uitvoerende Raad het 'n verduideliking saam met die konsep-grondwet aan selle en streke gestuur. Daarvolgens word 'n meer gedetailleerde verduideliking van die "nuwe strewe" van die AB gegee. Want daar het duidelik 'n klemverandering plaasgevind - weg van 'n suiwer eksklusiewe Afrikaner-organisasie na 'n organisasie duidelik bewus dat Afrikaner-voortbestaan afhang van samewerking met ander groepe.

Maar dit is duidelik dat die grondslag van die bestaan en optrede in die laaste instansie steeds Afrikaner-belange bly.

Hier volg die toeligting van die konsep-strewe:

**DIE STREWE** van die organisasie is om uitgaande van sy Bybelse grondslag die Afrikanergemeenskap te dien in belang van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap met die oog op ontwikkeling tot uitnemendheid op elke terrein.

Verklarende Notas:

1. Die gewysigde strewe poog om inklusief en nie eksklusief te wees nie.

2. Gegewe die samestelling van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, is die begrip volk te eng Afrikaner-spesifiek om konsekwent ook van toepassing te maak op die ander kulturele/etniese politiek-staatkundige groeperinge in Suid-Afrika (vgl Engelse, Portugese gemeenskappe ensomeer.)

3. Gemeenskap laat ook toe vir verskille/verdelings wat reeds op godsdienstige en politieke terrein binne Afrikanergeledere bestaan.

4. Wie bepaal wie en wat die Afrikanervolk is? Die AB? Dit sal die vermoede/persepsie van 'n self-dienende elitistiese organisasie versterk - veral onder uitgeslote Afrikaanssprekendes.

5. Afrikanergemeenskap impliseer ook die moontlikheid van vrywillige assosiasie. Kleurling-Afrikaanssprekendes sal uiters moeilik kan identifiseer met Afrikanervolk as gemeenskaplike identiteit. Hulle kan dit egter veel makliker doen met die begrip "Afrikanergemeenskap".

6. Afrikanervolk is 'n gelaaide term in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing, beide in Afrikanergeledere en daarbuite. Daar is 'n stigma dat die Afrikaners vir hulself opeis dat hulle die werklike (enigste?) volk in Suid-Afrika is. Die res is kulturele of etniese identiteite. Dit is ook die begrip waarop die hele apartheidsparadigma gestruktureer is.

Indien die AB eerlik is met die onderneming om ook tot voordeel van die land en sy mense op te tree, dan sou dit wys en nuttig wees om 'n gestigmatiseerde begrip soos Afrikanervolk uit sy strewe weg te laat.

7. Die AB vind sy grondslag in die aanvaarding van die Bybel as die Woord van God, en die rigtinggewende betekenis daarvan vir die hele lewe.

8. Bybelse grondslag sal ten opsigte van strewe en lidmaatskap wyer geïnterpreteer moet word as die gereformeerde susterkerke. Protestants is die werkbare verdelingslyn. (Wat egter van 'n Afrikaanstalige blanke of Kleurling met 'n Rooms-Katolieke kerkverbintenis wat in alle ander opsigte identifiseer met die AB se oogmerke?)

9. Die strewe impliseer dat elke lid individueel en kollektief gestalte moet gee daaraan.


**Agenda**

**A JOURNAL ABOUT WOMEN & GENDER**

**Calling all:** Women, Lawyers, Activists, Educators, Feminists, Academics, Professionals, Students, Unionists

**Agenda has:** Conference information, Current research, Debate, International views, Reviews, Women and the law, Women's struggles and MUCH MUCH MORE ..........

**NO. 16 - special VIOLENCE focus - an indepth look at**
- women and demilitarisation
- pornography - a discussion
- new rape courts in Cape Town
- date rape on campus
- political violence and women
- one woman's diary of daily violence

ORDER YOURS NOW AND DON'T MISS OUT ON THIS OFFER
Agenda cost R8,80 per copy or R31 for a subscription - send postal orders or cheques to:
Agenda, Room 29 Ecumenical Centre, 20 St Andrews Street, Durban 4001

# Só sal die veranderdings die Broeders raak

**IN** nóg 'n dokument gee die Uitvoerende Raad 'n breedvoerige uiteensetting van hoe die AB en AB-lede deur die voorgestelde veranderinge geraak sal word.

Volgens dié dokument, getitel: "Ons Organisasie", is dit duidelik dat die AB hoofsaaklik 'n geheime organisasie bly, dat lede hulle eie lidmaatskap bekend mag maak en dat nie-lede blykbaar vir die eerste maal in die geskiedenis nou mag aansoek doen om lidmaatskap, wat voorheen slegs die resultaat van geheime werwing was.

In par 15 word verwys na die RW (Ruiterwag) en die DK (Dameskring). Hier volg die inhoud van die toeligting:

1. Lede mag hulle eie lidmaatskap bekendmaak.
2. 'n Lid mag 'n ander se lidmaatskap bekend maak slegs indien hy daardie lid se toestemming daartoe verkry het.
3. Die UR of kantoor maak geen lidmaatskap bekend nie, behalwe aan mede-lede. Geen navrae van buitestanders oor lidmaatskap word beantwoord en geen ledelyste word aan hulle bekendgemaak nie. Name van oorlede of gewese lede word ook verswyg.
4. Lidmaatskap is steeds aan keuring onderhewig. Dit word deur werwing of op aansoek op die inisiatief van 'n voornemende lid verkry.
5. Voornemende lede moet bereid wees om die grondslag, strewe en doelstellings van die organisasie te onderskryf en te aanvaar.
6. Lidmaatskap moet deur aktiewe betrokkenheid en toewyding aan die strewe en doelstellings van die organisasie in stand gehou word en is hersienbaar.
7. Die name van die lede van die Uitvoerende Raad word bekendgestel.
8. Die Grondwet van die organisasie word herskryf.
9. Die Reglement van die organisasie word gewysig om aan die vereistes van die Grondwet te voldoen.
10. Die basiese struktuur van die organisasie (lede, afdelings, sentrale komitees, streekrade, gebiedsbondsrade, gebiedsrade, UR en Bondsraad) sal vermoedelik dieselfde bly. Veranderings en aanpassings word aangebring om in ooreenstemming met die Grondwet te wees.
11. Die indeling in gebiede moet mettertyd hersien word om met die moontlike streekregering se indeling ooreen te stem.

Die magte, funksies en pligte van gebiedsbondsrade, gebiedsrade en samestellende streekrade sal waarskynlik uitgebrei moet word om by 'n meer outonome streekregeringstelsel in te skakel en dit sal in die nuwe Reglement voorsien moet word.

12. 'n Groter openheid ten opsigte van die organisasie word in beginsel aanvaar. Die UR tref die nodige reëlings om besonderhede wat wenslik geag word periodiek op 'n doeltreffende manier bekend te stel. Dit sluit onder meer die volgende in:

12.1 Die grondslag, strewe en doelstellings van die organisasie word openbaar bekendgestel.

12.2 Die name van die lede van die Uitvoerende Raad word bekendgestel.

12.3 Gesaghebbende dokumente van die organisasie word op 'n gereelde en deurlopende basis bekendgestel.

12.4 Daar word namens die organisasie op belangrike gebeure kommentaar gelewer.

12.5 Wanneer dit nodig geag word, word in die openbaar standpunt oor belangrike aangeleenthede ingeneem.

12.6 Openbare byeenkomste word periodiek gehou. Dit kan in die vorm van inligtingskonferensies, seminare, perskonferensies ens. wees. Spesifieke sake wat by dié soort geleenthede behandel kan word, word vooraf bepaal en bekendgestel.

12.7 Die breinkrag en deskundigheid van ons lede word deur middel van studiekomitees en seminare benut. Resultate van besinning kan openbaar bekendgestel en waar nodig en wenslik, ook wie die komiteelede is of wie daaroor in debat sal tree of kommentaar sal lewer.

12.8 Die veranderde reëlings wat die opheffing van vertroulikheid van lidmaatskap betref, word openbaar bekendgestel.

13. Ná dié Bondsraad word 'n gepaste geleentheid geskep waar lede hulle opnuut kan toewy aan en verbind tot die grondslag, strewe en doelstellings van die organisasie.

14. Ná die Bondsraad wat later vanjaar beoog word, word die stappe wat hierbo uiteengesit is en Grondwet- en Reglementwysigings goedgekeur is, word 'n gepaste geleentheid geskep om dit openbaar bekend te stel en daarmee word 'n proses van BEELDBOU begin.

'n Broederlike brief of mededeling/sertifikaat kan aan diegene wat verkies om uit te tree, besorg word (as teken van broederskap).

15. Daar moet in 'n vroeë stadium met die RW en DK geskakel word om oor hulle toekoms te beraadslaag vir sover dit deur die verandering in die AB geraak word.

Koördinering met die RW en DK op plaaslike, streeks- en nasionale vlak is van die belangrikste aspekte wat daaruit voortvloei.

16. Benewens die voorgaande moet die voortbestaan van die RW en 'n moontlike nouer koördinering met die AB se werksaamhede, nou reeds aandag geniet.

# Waar kom *VWB* aan al die stories?

**DIE** Afrikaner Broederbond is blykbaar besig met 'n deurtastende ondersoek om vas te stel waar VWB die dokumente bekom het wat die afgelope maande gepubliseer is.

Dit blyk uit Omsendbrief 1/93/94 van 4 Maart 1993.

Die Hoofsekretaris - Naudé Botha, hoewel die gesiglose amptenaar nooit sy naam gebruik nie - lig die selle soos volg in onder item 6, getiteld "Lekkasie en Koerantberigte":

"Goeie vordering word gemaak by die ondersoek na lekkasie van inligting op grond waarvan koerantberigte plaasvind. Dit kan egter nog etlike maande duur voordat die finale antwoord verkry is.

"Interesantheidshalwe noem ons graag dat 'n afdeling (AB-woord vir selle) van mening is dat ons nie in hierdie geval na verraad moet verwys nie, maar na die verbreking van 'n persoon se erewoord wat in ons situasie waarskynlik erger is as wat die woord verraad impliseer."

Dit is in dié stadium nog nie seker watter stappe die AB doen om die bron of bronne van VWB op te spoor nie. Dit is nie bekend of die AB van hul eie masjinerie gebruik maak en of hulle, soos in die verlede, die dienste van "kundige vriende" sal gebruik nie.

"Kundige vriende" verwys na AB-lede in die Polisie en Veiligheidsdienste. By 'n vorige geleentheid in 1963 toe ek in die *Sunday Times* met die eerste onthullings in die geskiedenis oor die AB gekom het, het die UR destyds niemand anders nie as Hendrik van den Bergh, toe hoof van die Veiligheidspolisie en 'n aktiewe AB-lid, op die UR gekoöpteer en gevra om die ondersoek te doen. Dié ondersoek het maande geduur.

Dié bewering kan gestaaf word deur UR-dokumente wat ek jare later bekom het.

# Selle poeding, ander sous

DIE Afrikaner Broederbond is steeds betrokke by politieke en verwante sosiale sake oor 'n breë front. Dit blyk duidelik uit omsendbrief 1/93/94 van 4 Maart 1993 deur die Hoofsekretaris aan alle selle.

Die inhoud van dié brief bied 'n interessante blik op die optrede van die AB. Punt 1 handel oor armoede en daarvolgens is dit duidelik dat die AB deur hulle lede en dié se vrouens betrek word om praktiese hulp te verleen aan die toenemende blanke armoede. Dit word hanteer deur 'n spesiale komitee van die UR genaamd die Komitee vir Gemeenskapsaangeleenthede.

Punt 2 handel oor Aksie 2000, die spesiale aksieprogram van die AB wat in 1988 geloods is, om AB-lede en -selle veral betrokke te kry by opheffing- en hulpaksies onder veral die swart en bruin gemeenskappe.

By die omsendbrief word 'n sogenaamde "Kompas"-dokument aangeheg wat handel oor die verbetering van verhoudinge tussen swart en wit.

Punt 3 handel oor "inligtingstukke en gespreksdokumente, die behandeling daarvan en plaaslike optredes". Die "inligtingsdokumente" wat aan lede voorgelê is, handel oor Onderwysaangeleenthede, omgewingsbewaring en arbeid- en mannekragaangeleenthede. Volgens die dokument oor die onderwys weerspieël dit die nuutste regeringstrategie in 'n nuwe nie-rassige bedeling en praktiese aanbevelings oor hoe die AB dit in die geheim kan bevorder.

Die Hoofsekretaris verduidelik die dokument "is in die eerste plek vir die inligting van ons lede waardeur hulle ook hopelik in staat gestel sal word om in hulle persoonlike hoedanigheid in die openbare lewe leiding te gee. Die inhoud is van so 'n aard dat dit in persoonlike gesprekke en praatjies by openbare byeenkomste gebruik kan word. Uit elkeen daarvan kan praktiese dade of optredes spruit en die UR wil in aansluiting by die Voorsitter se boodskap van verlede maand 'n dringende beroep op afdelings doen om hieraan aandag te gee.

"Daar moet in die proses oorweeg word watter openbare liggame vir optredes gebruik kan word, en daar moet veral oorweeg word hoe ons eggenotes en ook die werkkrag van jong mense in ons omgewing daarby ingeskakel kan word."

Die opdrag van die Hoofsekretaris is 'n klassieke voorbeeld hoe die AB in die geheim sy invloed gebruik en misbruik deur te werk deur lede in sleutelposisies in bepaalde organisasies - organisasies wat salig onbewus us daarvan dat die betrokke persone AB-lede is en dat hul voorstelle nie gemotiveer is uit eie oortuiging nie, maar dat dit in werklikheid geheime AB-opdragte is.

# die nuwe revolusie

## Deesdae kan jy kafeïenvrye koffiebone koop, of selfs Flavr-Savr-tamaties wat gewaarborg is om nie vrot te word nie... Maar soos met die groen revolusie van die tagtigerjare, is daar tans 'n lewendige debat aan die gang oor biotegnologie. **INA VAN DER LINDE** doen verslag



**BIOTEGNOLOGIE** is 'n nuwe en opwindende veld wat deur baie wetenskaplikes gesien word as 'n oplossing vir die wêreld se voedseltekorte. Vordering wat die afgelope dekade op dié gebied gemaak is, het tot gevolg dat 'n hele reeks organismes, insluitende voedselgewasse, geneties so verander kan word dat dit groter oeste meebring en meer plaagbestand is.

In 'n artikel deur Oliver Tickell in *Geographical Magazine* word gesê dat meer as 50 plantspesies reeds sulke veranderinge ondergaan het. So het General Foods byvoorbeeld kafeïenvrye koffiebone gemaak, en later die jaar sal verbruikers in Europa en die VSA die nuwe Flavr-Savr-tamatie, wat 'n langer raklewe het en gewaarborg is om nie pap te word nie, kan koop.

Maar soos met die "groen revolusie" in die laat tagtigerjare, is daar ook rondom biotegnologie 'n lewendige debat aan die gang.

Henk Hobbelink van die Genetic Resources Action International\DI (GRAIN) gooi die kat in die duiwehok in 'n nuwe boek, *Biotechnology and the Future of World Agriculture*. In die boek beweer hy dat die groot transnasionale maatskappye baie geld gaan maak uit biotegnologie en terselfdertyd die verkope van onkruiddoders bevorder. Dieselfde maatskappye kan voor die einde van die eeu algehele beheer oor die wêreldsaadmark verkry en selfs probeer om patentereg op hul saad af te dwing.

Dié debat herinner aan die "groen revolusie" wat biotegnologie voorafgegaan het. Daar is gesê dat nuwe boerderymetodes wat ingevoer is tydens die groen revolusie graanproduksie verdubbel het, maar terselfdertyd nuwe probleme in byvoorbeeld Indië geskep het, party ernstiger en hardnekkiger as dié wat opgelos is. Die groen revolusie het eise aan skaars hernieubare en nie-hernieubare bronne gestel wat grond, waterbronne en die diversiteit van sekere gewasse vernietig het.

**SOORTGELYKE KRITIEK** word uitgespreek in die boek *Alternative Agriculture* wat in 1989 in die VSA verskyn het. Die kritiek gaan onder meer oor sogenaamde High Yield Varieties (HYV) - koringvariëteite met geweldige hoë opbrengspotensiaal - maar dat dit hoofsaaklik bereik kan word met behulp van optimale vog- en kunsmisaanwendings.

Maar dis nie die hele prentjie nie, sê KW Pakendorf, adjunkdirekteur van die Instituut vir Graangewasse van die Landbounavorsingsraad op Potchefstroom. Die groen revolusie het onderontwikkelde lande soos Mexiko en Indië wat massiewe hoeveelhede koring moes invoer, in staat gestel om hul voedselproduksie so te verhoog dat hul uitvoerders van die stapelvoedsel kon word. "Ek was persoonlik in Mexiko by die Internasionale Koring- en Mielieteelorganisasie toe die grondslae van die groen revolusie deur dr Norman Borlaug en dr Glen Anderson gelê is. Borlaug het die Nobel Vredesprys in 1975 ontvang vir sy bydrae tot voedselselfvoorsiening in onderontwikkelde lande - die enigste landbouer aan wie so 'n eerbetoon bewys is."

Die aanvanklike finansiering van die program was deur die Rockefellerstigting, maar dit is later oorgeneem deur verskeie Westerse lande. Dit het gelei tot groot internasionale samewerking en die plaaslike koringbedryf het in 'n groot mate gesteun op materiaal uit dié bron. Die geweldige vordering met nuwe koringvariëteite in die land is grootliks toe te skryf aan kiemplasma (genetiese bronne) wat deur die organisasie verskaf is.

**DIE VOORSTANDERS VAN** biotegnologie wys daarop dat baie van die beperkinge van die groen revolusie oorkom is. Soos die feit dat sekere gewasse deur biotegniese manipulasie 'n genetiese weerstand teen siektes en plae het, wat die gebruik van plaagmiddels óf heeltemal uitskakel óf heelwat verminder. Sulke gewasse is dus meer omgewingsvriendelik as konvensionele plantvariëteite.

Die nuwe gewasse se weerstand teen plae is egter van korte duur, waarsku skeptici, aangesien plae onvermydelik 'n weerstand daarteen gaan ontwikkel.

Maar is dit die werklike agenda?

Nie volgens Hobbelink nie. In sy boek sê hy daar word "swaar klem gelê op navorsing oor weerstand teen onkruiddoders" - die ontwikkeling van gewasse wat die toediening van onkruiddoders kan oorleef. Hy verskaf 'n lys met name van 93 maatskappye en navorsingsinstitute wat werk aan die ontwikkeling van gewasse wat weerstand bied teen onkruiddoders.

Sulke gewasse bied die moontlikheid van hoër winste uit die verkope van die saad, maar ook uit die verkope van groter hoeveelhede onkruiddoder - albei verkieslik uit dieselfde stal. So sal 'n sojaboon-variëteit wat weerstand bied teen die onkruidmiddel atrasien, nie net self hoogs winsgewend wees nie, maar ook atrasien-verkope met $120 miljoen opstoot, sê Hobbelink.

**DIE KOSTE VERBONDE** aan die ontwikkeling van 'n nuwe onkruiddoder is tot 20 keer hoër as dié van 'n nuwe variëteit. Sê Hobbelink: die finansiële logika is duidelik: biotegnologie is 'n gerieflike manier om die verkope van landbou-chemikalië op te stoot, en nié 'n metode om dit uit te skakel nie.

Pakendorf stem glad nie hiermee saam nie: "Feit is dat met die toetrede van die groen omgewingsbewustheid die gebruik van plaagdoders so emosioneel geword het dat veral in die VSA die Environmental Protection Agency op die oomblik alle geregistreerde plaagdoders hertoets ten einde residue en toksiese graad te bepaal. Die doel van die plaagdodermaatskappye is dus om omgewingsvriendeliker beheermaatreëls teen peste en plae te vind waarby die gebruik van chemikalieë in 'n groot mate beheer of uitgeskakel kan word."

Tickell wys op 'n ander aspek van die debat. Die dominansie van variëteite wat biotegnies gemanipuleer is, kan moontlik lei tot die uitwissing van baie van die diverse biologiese bronne waarop die bedryf staatmaak.

Die redenasie is as volg: Inheemse plantgewasse (landrasse), wat meer droogtebestand is maar wat 'n baie laer opbrengs lewer, word verdring deur die sogenaamde HYV's en kan mettertyd heeltemal verlore gaan.

As voorbeeld noem Tickell Zimbabwe wat laasjaar soos die res van suidelike Afrika, deur 'n kwaai droogte geknou is. Terwyl die regering die plant van HYV-mielies aangemoedig het, is die kweek van droogte-bestande sorgum, boermanna ("millet") en broodwortel (kassawe) vir alle praktiese doeleindes heeltemal gestaak. Die HYV's kon egter nie die droogte deurstaan nie, en dis een van die redes vir die hongersnood wat in die land gevolg het.

Die oplossing vir dié probleem is om saad in "saadbanke" (ofte wel kiemplasmabanke) te hou, onder versigtig beheerde temperatuur- en vogtigheidstoestande, terwyl die voorraad af en toe aangevul word deur plante te kweek.

**'N STUDIE VAN** die VSA se nasionale saadbank by Fort Collins in Colorado, het egter bevind dat net 28 persent van die variëteite wat hulle wou bewaar, nog veilig is met genoeg gesonde saad in voorraad. Teckill sê Fort Collins is nie 'n uitsondering nie. Volgens die Internasionale Raad vir Plant-genetiese Bronne is die meeste saadbanke - "saadlykshuise", soos sommige dit noem - benede peil.

Maar Pakendorf sê dis 'n oordrywing. Hy dra kennis van uitstekende kiemplasmabanke en sê die gebruik van moderne variëteite impliseer nie noodwendig die verdwyning van ou landrasse nie. Plaaslik is 'n skat van lewendige kiemplasmabronne in afgeleë gebiede in KwaZulu en ander gebiede, waar die landbouers nie onderhewig was aan gedwonge verskuiwings nie en waar ou landrasse van mielies en grondbone steeds verbou word.

Nog 'n debatspunt is dat saadbanke die saad van die boere vervreem wat dit uitsoek, ontwikkel en in 'n fisieke omgewing met 'n spesifieke grondtipe en klimaat voortplant, binne 'n kulturele omgewing wat bepaal hoe dit geplant en gebruik word. As 'n variëteit uit sy omgewing geneem word, gaan dié kennis verlore.

**ENIGE PROGRAM WAT** die genetiese diversiteit van gewasse wil bewaar, moet boere nie op die sylyn rangeer nie, maar hulle strategies midde-in hul program plaas.

'n Land waar dit wel gebeur, is Ethiopië. Die land het buitengewone biologiese rykdomme en is die bron van 38 voedselgewasse. In die goeie jare het buitelandse graangewasse gedreig om die inheemse variëteite heeltemal te verdring. Tydens die jare van ernstige droogte het die land bykans al haar inheemse variëteite verloor. Daar was egter 'n paar boere wat honger gely het deur van die inheemse sade onder dakoorhange in houtrook te bewaar.

Genoeg saad het oorleef om die toekoms van die bedreigde variëteite te verseker. Daarna is stappe gedoen om die inheemse variëteite te red deur die boere se saad vir voedsel te verruil en boere te betaal om die saad te plant vir herverspreiding.

Noudat die krisis verby is, is die projek oorgeneem deur ▶

# African National Congress

## The Elections Fundraising Office of the ANC is seeking people to fill three newly created positions:

**1. ADMINISTRATOR**

Main Functions:

To oversee the smooth running of the Elections Fundraising Office by controlling information flow, answering telephones, organising meetings and managing the diary.

*Requirements:*

- Good typing and the ability to use a word processing package
- General administrative skills and experience
- Ability to read and balance budgets
- Ability to deal with the public at all levels
- Ability to speak a number of South African languages
- At least 10 years working experience

Previous fundraising experience is an advantage and will ensure that you are an integral part of the team. Must be able to work under pressure and be willing to put in extra time when needed, especially towards the last lap of the election.

**2. DATABASE OPERATOR**

Main functions:

To design, maintain and manage a database of donors and income, to categorise data, generate reports and respond to queries.

*Requirements:*

- Very sound knowledge of a database package. Preferably at least 5 years experience
- Sound knowledge of DOS, Wordperfect, Windows, Lotus and Spreadsheets
- Reliable, efficient and detail-orientated
- Ability to take initiative
- Strong organising ability

Must be able to work under pressure

**3. NATIONAL/REGIONAL ELECTIONS FUNDRAISING CO-ORDINATOR**

Main Functions:

To co-ordinate the implementation of the national fundraising strategy in all ANC regions. To organise national fundraising events such as dinners and raffles and to assist with regional fundraising plans and efforts. To publicise the need for voter education. To oversee good communication and public relations with existing and potential donors.

Requirements:

- Previous fundraising experience
- A working knowledge of fundraising dynamics in South Africa
- Wide contact base
- Ability to deal with ANC regional leadership
- General public relations skills and public speaking
- Good writing ability and good communicator
- At least 10 years experience of liaising on a national scale
- Excellent organiser
- Fluency in a number of South African languages

Please apply, together with your curriculum vitae, to
The Co-ordinator
Personnel Section
Office of the Secretary General
African National Congress
9th floor
Plein Street Building
51 Plein Street
Marshalltown 2107
Johannesburg

All applications will be treated with the strictest confidence.
Closing date for applications Saturday May 29th, 1993


boere wat verbeterde variëteite kweek en die gewenste kenmerke van oorspronklike variëteite inkorporeer. Dié model van genetiese bewaring en verbetering is in sterk teenstelling met die strategie van groot maatskappye.

**DIE DEBAT WORD** hewiger. Hobbelink beweer biotegnologie is deesdae die behoud van groot transnasionale korporasies (TNK's), soos Monsanto, Shell, Ciba Geigy, Du Pont en ICI: "Feitlik alle topsaadhuise het hul hoofbelange in óf chemikalieë en insekdoders óf farmaseutiese middele."

Een maatskappy, Rand Hovis McDougall, het glo 84 saadmaatskappye in een week opgekoop. Daar word voorspel dat net 20 TNK's die wêreldsaadmark teen die einde van die eeu sal beheer.

En dis maar die begin, sê Michel Pimbert, hoof van die Worldwide Fund for Nature International se programme vir biodiversiteit. "Saam met ander pogings om fisieke beheer oor sade te verkry, probeer die groot maatskappye nou om volle wetlike beheer oor benutting van geneties-veranderde organismes te verkry. Die regime oor nywerheidspatente word nou uitgebrei na genetiese bronne."

Dié kwessie was voorop die agenda van die sogenaamde General Agreement on Tariffs and Trade (GATT) in Uruguay, wat deur opponente beskryf word as 'n Handves vir TNK's. Daar is gesê dat die sogenaamde "privilegie aan boere", die landbouer die reg gee om die saad van gewasse te bewaar en om dit die volgende jaar te herplant. Maar 'n bepaling in GATT, die sogenaamde "Dunkel Draft", dreig om die privilegie stop te sit sover dit gepatenteerde bio-ontwikkelde saad betref, met die bykomende voorwaarde dat dit by regerings sal berus om toe te sien dat die regulasie nie verbreek word nie.

Indien die plaaslike agent van die multi-nasionale saadmaatskappy byvoorbeeld by die regering kla omdat boere nie by hom saad koop nie, sal die regering die boere moet straf. Indien die regering dit nie doen nie, sal die maatskappye onder die GATT-regulasies, teen die regering kan optree.

Die beskerming van nywerheidspatente, sê Hobbelink, kan op byna enigiets van toepassing gemaak word: "van 'n spesifieke DNA-sekwensie (reeks) tot 'n hele stelsel van plante en diere". Gegewe die groot verskille tussen nywerheidsprodukte en lewensvorme, sal die patente-sisteem herontwerp moet word.

"In die praktyk, egter, doen patenteprokureurs presies die teenoorgestelde: hulle herdefinieer biologie om patentereg te pas."

**DIE VRAAG OOR** presies wat gepatenteer kan word, is onlangs op die spits gedryf toe die VSA gepoog het om reekse van menslike DNA te patenteer as 'n deel van sy menslike-genome projek.

Pimbert sê dis duidelik watter rigting ingeslaan word: "die gesamentlike erfenis van die mens word nou die private eiendom van enkeles." Hy wys verder daarop dat die groot rykdom van genetiese bronne in die tropiese en subtropiese lande geleë is. Dit is dus nie net 'n stryd tussen groot TNK's teen die boere nie, maar die geïndustrialiseerde Noorde teen die arm Suide.

Tickell meen dis die dispuut wat werklik agter die weiering van die VSA lê om die Biodiversiteitsverdrag wat laasjaar by die Rio-Aardeberaad voorgelê is, te onderteken. Terwyl geen vaste ondernemings gemaak word nie, dui die Verdrag aan dat diegene wat uit die eksploitasie van biodiversiteit 'n wins gaan maak, sekere verpligtinge tot dié lande het waar biodiversiteit ontstaan het - iets wat heeltemal teen die sakebelange van Bush-ondersteuners indruis. In die geval kon Bush nie daarin slaag om internasionale konsensus te wen nie.

Die Biodiversiteitsverdrag is die struikelblok op die weg van die TNK's om wêreldbeheer oor biogtegnologie te verkry.

Tickell sê dis duidelik dat die biotegnologiese revolusie die groot maatskppye besonder goed pas. Maar solank as wat dit onder hul beheer bly, sal dit nie 'n oplossing bied vir die probleem om miljoene honger mae te vul nie.

**HIERENTEEN MEEN** Pakendorf die emosionele kwessie oor honger in die wêreld hoort nie voor die deur van die landbou nie. "Daar is wêreldwyd voedselsurplusse en die groter probleem sentreer om die vermoë om te betaal vir dié voedsel, sowel as die verspreiding daarvan." 'n Goeie voorbeeld hiervan is nou te sien in Bosnië-Herzegovina, Angola en die Soedan.

Hongersnood in die wêreld moet gelê word voor die deure van politici en oorlogsugtige individue of partye, sê Pakendorf. Belangriker is om bestaansboere te help om selfvoorsienend te wees en daarvoor is navorsing en nuwe metodes van die grootste belang.

Pakendorf wys op 'n aanhaling van Jonathan Swift: "...whoever could make two ears of corn or two blades of grass to grow upon a spot of ground where only one grew before, would deserve better of mankind, and do more essential service to his country than the whole race of politicians put together."

# LAGOS: Chaos as 'n lewenswyse

**In Suid-Afrika dink ons dalk alte maklik dat 'n demokratiese regering ook 'n ordelike en funksionele samelewing sal verseker. Talle burgers vestig hul hoop vir die land op siviele organisasies en massa-strukture. Maar in Lagos, waar geen funksionele regering is nie, is mense op hul informele netwerke aangewese vir oorlewing. Miskien moet ons 'n paar lesse by hulle gaan leer as ons wil herintegreer met Afrika, skryf ABDOUMALIQ SIMONE van die Stigting vir Eietydse Navorsing**

**ENIGE** voorstelling van die toekomstige stedelike lewe in Suid-Afrika word bemoeilik deur die noodsaaklike geloof dat demokrasie ontwikkeling, samehang en orde aan die stede sal bring. Anders as die res van Afrika, lui die storie, kan Suid-Afrika wérk.

Daar kan 'n goedgebalanseerde verhouding tussen die staat en die siviele samelewing wees, 'n deurdagte herverspreiding van bronne, en doeltreffende beplanning van ontwikkeling. 'n Mens hoop beslis dat so 'n scenario sal plaasvind. Maar die verwesenliking daarvan behels méér as 'n kwessie van goeie beleide, die opbou van vermoëns en goed bestuurde organisasies. Die ervaring in ander dele van Afrika wys uit dat maatskaplike verandering en ontwikkeling 'n dinamika behels wat dikwels moeilik is om te voorspel of te beheer.

As 'n mens per motor aansukkel na die sentrale stad op die eiland Lagos - 'n reis wat sowat vyftien minute van Ikeja behoort te duur, maar wat waarskynlik twee uur in beslag sal neem - kan dit dalk reën. Op die hoofweg wat oor die baai gebou is om die vasteland te omseil, reën dit gedurig met tussenposes van skaars dertig sekondes. Selfs die weer in Lagos werk volgens 'n deeglik gedekonstrueerde logika. Om na enige bestemming in dié stad te reis moet 'n mens jou persepsies herrangskik.


Lagos het talle Suid-Afrikaanse geleerdes al tot die punt van 'n senu-instorting gedryf. Miskien is daar 'n noodsaaklik eerste stap waarin 'n mens ontslae moet raak van die intellektuele pretensie en arrogansie wat baie Afrikane toeskryf aan hul kamerade suid van die Limpopo. Want om werksaamheid, doeltreffendheid en lewenskrag van 'n plek soos Lagos te verwag vereis dat 'n mens afstand doen van jou sinne.

Lagos het inderdaad elke verpligting laat vaar om volgens die reëls te speel. Pleks daarvan het dit werklik 'n instrument geword van die geliefde Yoruba-god Eshu-Legba, die bedrieër van die mark en agent provocateur, wat ons bekend stel aan die onbekende, ons gekoesterde oortuigings omverwerp en ons die hele pad na die bank laat lag (waar ons rekeninge lankal leeggemelk is).


**LAGOS IS 'N MEGASTAD** wat buite beheer slinger terwyl dit die fasade van oënskynlik samehangende instellings en administratiewe strukture behou. Omdat die stad sy maksimumgrootte reeds byna 8 miljoen mense gelede bereik het, is alledaagse oorlewing 'n eindelose proses van onderhandel vir alles, van slimmer probeer wees as die bure, landgenote en kollegas wat jou probeer uitoorlê. Dis 'n plek sonder enige duidelike of logiese verduideliking van hoe dit aanhou oorleef - en tog oorleef dit met ongeëwenaarde oortuiging.

'n Onoplosbare samevloeiing van skreiende teenstrydighede kenmerk elke aspek van die daaglikse lewe: Daar is die alomteenwoordigheid van regering sonder doeltreffende bestuur; daar is honderde universiteite en tersiêre onderwysinstellings met meer werklose doktore per capita as enige ander plek ter wêreld; meer motorhandelaars in 2 vierkante kilometer as in die ganse res van Afrika; meer geregistreerde sake-ondernemings as in New York; en die ergste stedelike armoede op die vasteland. Daar is 'n amptelike werklikheid van regulasies, wette en dienste - waarvan niks werklik werk nie; en 'n nie-amptelike werklikheid waar 'n mens onder die tafel deur betaal vir alles.

Sedert die militêre coup wat in 1986 deur Ibrahim Babangida gelei is, was daar 'n versigtige en stelselmatige poging om demokratiese regering te herstel, grootliks geskoei op die lees van die Amerikaanse stelsel - met twee partye wat selfs die Demokrate en die Republikeine genoem word. Die finale instelling van 'n demokratiese nasionale regering wat vir Januarie 1990 beplan is, moes twee keer uitgestel word en die instelling van 'n burgerlike regering word nou beplan vir 27 Augustus vanjaar - selfs al glo min mense dat dit werklik sal gebeur. Baie mense het opgehou omgee, want die militêre en die siviele leiers kom almal uit dieselfde politieke klas en deel dieselfde voorliefde vir die verryking van hulself deur te teer op die kleinboere en die armoedige stedelinge.




**HOE MEER NIGERIË** probeer om rasioneel te beplan vir die funksionele ontwikkeling van demokratiese regering, hoe meer tree die groepslewe gegrond op etnisiteit, godsdiens en verwantskap na vore. Die burgerlike samelewing in Lagos is 'n duistere draaikolk van duisende onafhanklike kerke, Islamitiese groeperings, woonbuurt-verenigings, maatskaplike klubs, bendes, sindikate, gildes, vakbonde, gemeenskaplike hulp-netwerke - formeel sowel as informeel.



Dit is deur die ingewikkelde wisselwerking tussen dié groepe en netwerke dat enige skyn van maatskaplike samehang, produktiwiteit of sin geskep word. Selfs meer verstommend is die manier waarop dié reuse-netwerke daarin slaag om byna elke Nigeriër gedurig bedrywig en dikwels kreatief te hou in 'n konteks van ontsaglike armoede.

Hoe die strukture van die staat, die administrasie en die ekonomie ook al uitmekaar mag val, die werklike lewe en lesse van Afrika lê in 'n begrip van 'n heterogene en diep gestruktureerde informele maatskaplike orde. Al die beplanning, tegniese hulp, bou van vermoëns, onderhandeling en skep van instellings ter wêreld kan geen begrip bied van hoe dié siviele samelewing werk of waarborg dat dit funksioneel opgeneem sal word in 'n rasionele, demokratiese stelsel nie.

Namate Suid-Afrika stap vir stap voortbeur na 'n nuwe, demokratiese bestel, is die les uit Lagos duidelik. Terwyl die burgers van Lagos 'n ganse wêreld van verenigingslewe het om op terug te val ten einde deur ekonomiese krisisse, politieke chaos en 'n ineenstorting van politieke en instellingslewe te kom, beskik Suid-Afrikaners oor min sulke bronne. Suid-Afrikaners het te lank geglo dat die land se siviele organisasies, massa demokratiese groeperings en nie-regeringsorganisasies 'n aansienlike siviele samelewing geskep het. Die lewe, die werklikheid en die surrealisme in Lagos dwing ons om weer na te dink oor dié standpunt as ons wil hê die land moet 'n kans hê vir 'n suksesvolle lewe en herintegrasie met Afrika.

# Sit die **vonkel** terug in jou lewe

**Daar is 'n tyd om te kom en daar is 'n tyd om te gaan.** Ons het besluit die middel van 1993 is 'n tyd om te gaan - en te kom.

Volgende week is die laaste uitgawe van *Vrye Weekblad* soos ons hom die laaste amper vyf jaar leer ken het.

Ons glo soos Suid-Afrika nou die einde van 'n era bereik het - 'n Tussentydse Oorgangsraad word binnekort ingestel, wat beteken die eerste keer in die geskiedenis het alle Suid-Afrikaners seggenskap - so het *Vrye Weekblad* ook die einde van 'n era bereik.

Ons is baie trots op wat *Vrye Weekblad* sedert 1988 bereik het en die rol wat dit onder ontsettend moeilike omstandighede in ons gemeenskap gespeel het - al was die prys hoog. Ons het min twyfel dat die geskiedskrywers eendag erkenning sal gee aan *Vrye Weekblad:* sy plek in die politiek, die gemeenskap en die perswese.

Maar die Suid-Afrika van Junie 1993 is 'n gans ander plek as die Suid-Afrika van 1988. Vryheid en demokrasie dreig om orals uit te breek, en van die ou vyande lyk vandag nie meer so aaklig nie, terwyl van die ou vriende se moesies begin wys. Daar is nie meer good guys en bad guys onder die politici nie - ons sien alle politici deesdae as bad guys.

En kom ons wees eerlik: die verskynsel van "alternatiewe" koerante is passé. Dis gister se baklei. Die pers in Suid-Afrika is vryer as enige ander plek op die vasteland van Afrika. Ons kan nou skryf wat ons wil en enigiemand oor enigiets aanhaal.

Boonop het ons en ons alternatiewe susters onsself hopeloos te ernstig opgeneem. Ons het só hard teen apartheid en ander booshede geveg dat ons vergeet het daar is ook plesier, humor en interessanthede in die lewe.

## Op **Vrydag 25 Junie** publiseer ons ***Vrye Weekblad* die tydskrif.**

Ons gaan wéér persgeskiedenis maak: Suid-Afrika het nog nooit so iets gesien nie.

Dit gaan 'n nuustydskrif wees, maar nie soos *Time* of *Newsweek* nie. Eerder soos *Paris Match* of *Vrij Nederland* of ander soortgelyke Europese tydskrifte: ondersoekende joernalistiek; mense; politiek; sport; vermaak; kuns; lewenstyle; boeke; groen kwessies; kos en wyn; gesondheid; satire en humor; reis - alles in kleur en lewendig en goed geskryf. En ons gaan 'n afdeling met internasionale artikels hê wat enige opponent na 'n vervelige traktaatjie sal laat lyk.

En of dit nou goeie of slegte nuus vir jou gaan wees, dié versekering moet ons nou reeds gee: die gees en die siel van die ou *Vrye Weekblad* bly voortbestaan. Ons behoort aan niemand nie en skuld niemand g'n niks. Geen koei is so heilig dat dit nie geslag kan word nie. Openbare figure in die politiek, die kerk, die sakewêreld en die gemeenskapslewe bly steeds voëlvry.

Objektief? Nee wat. Objektief staan meestal gelyk aan verveligheid en skynheiligheid. Maar wat ons wel kan belowe, is dat ons gebalanseerd, regverdig en eerlik sal wees.

In volgende week se *Vrye Weekblad* gee ons vollediger besonderhede oor die nuwe tydskrif, intekenare, aflewering, ens.

**Merk Vrydag 25 Junie solank in jou dagboek.**



# UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

# DOSEER- EN NAVORSINGSPOSTE

Aansoeke om ondergenoemde betrekkings word ingewag en moet die Hoof: Departement Personeel, op die voorgeskrewe vorm voor of op **10 Junie 1993** bereik. Akademiese meriete is die enigste kriterium vir aanstelling by die Universiteit sonder inagneming van die kandidaat se ras, geslag, godsdiens of politieke affiliasie.

## 1. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

### 1.1 BEDRYFSEKONOMIE

'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat in **Operasionele Bestuur.**

### 1.2 BEDRYFSIELKUNDE

'n Professoraat, 'n Mede-professoraat, 'n Senior Lektoraat en 'n Lektoraat.

Registrasie as 'n Bedryfsielkundige by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad is 'n aanbeveling vir die vakatures van Professoraat, Mede-professoraat en Senior Lektoraat.

### 1.3 EKONOMIE

'n Professoraat, 'n Mede-professoraat, 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat.

### 1.4 REKENINGKUNDE

'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat.

### 1.5 TOEGEPASTE REKENMEESTERSKAP

'n Professoraat, 'n Mede-professoraat en 'n Senior Lektoraat.

By aanstellings van Professore, Mede-professore en Senior Lektore in die Departemente Rekeningkunde en Toegepaste Rekenmeesterskap kan die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad dit oorweeg om op grond van kwalifikasies en praktykervaring 'n addisionele toelae te betaal.

### 1.6 BURO VIR MARKNAVORSING

'n Professoraat of 'n Mede-professoraat, 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat.

Registrasie as Bedryfsielkundige by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad is 'n aanbeveling vir die vakatures van Professoraat, Mede-professoraat en Senior Lektoraat.

### 1.7 NAGRAADSE SKOOL VIR BEDRYFSLEIDING

'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat in een van die volgende:

Algemene Bestuur, Aktiverende Leiding, Dirigerende Leiding, Kwantitatiewe Bestuur, Finansiële Bestuur, Ekonomie en Arbeidsbetrekkinge.

Bo en behalwe die toepaslike akademiese kwalifikasie, is praktykervaring 'n vereiste.

## 2. Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

### 2.1 AFRIKATALE

'n Senior Lektoraat, 'n Lektoraat en 'n Junior Lektoraat in **Xhosa.**

'n Lektoraat en 'n Junior Lektoraat in **Zulu.**

'n Lektoraat en 'n Junior Lektoraat in **Tsonga.**

'n Junior Lektoraat in **Suid-Sotho.**

'n Junior Lektoraat in **Venda.**

'n Senior Lektoraat, 'n Lektoraat en 'n Junior Lektoraat in **Swati.**

'n Lektoraat en 'n Junior Lektoraat in **Noord-Sotho.**

### 2.2 ANTROPOLOGIE EN INHEEMSE REG

'n Professoraat of 'n Mede-Professoraat of 'n Senior Lektoraat en 'n Lektoraat of 'n Junior Lektoraat.

### 2.3 ENGELS

'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat.

Aangesien hierdie pos spesifiek gemoeid is met die ontwikkeling en onderrig van Praktiese Engels (Engels Tweede Taal), studente-ontwikkeling en taalkursusse, is relevante ondervinding en kwalifikasies in hierdie rigtings 'n vereiste. Kennis van 'n Afrikataal sal 'n aanbeveling wees.

### 2.4 GESKIEDENIS

'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat en 'n Junior Lektoraat.

### 2.5 KLASSIEKE

'n Junior Lektoraat in **Latyn.**

**Minimum vereistes:** BA Hons. in Latyn. Kennis van die Romeinse Reg en/of Regslatyn asook doseerervaring sal 'n aanbeveling wees.

'n Professoraat of 'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat in **Latyn.**

Ondervinding in die onderrig van Regslatyn sal 'n aanbeveling wees.

'n Lektoraat of 'n Junior Lektoraat in **Klassieke Grieks.**

**Minimum vereiste:** MA of BA Hons. in Klassieke Grieks. Kwalifikasies in Latyn moet gemeld word.

### 2.6 KOMMUNIKASIEKUNDE

'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat of 'n Junior Lektoraat in **Organisatoriese en Bedryfskommunikasie.**

### 2.7 KRIMINOLOGIE

'n Junior Lektoraat in **Kriminologie.**

### 2.8 LINGUISTIEK

'n Professoraat of 'n Mede-professoraat of 'n Lektoraat of 'n Junior Lektoraat in **Toegepaste Linguistiek.**

'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat of 'n Junior Lektoraat in **Algemene Linguistiek.**

### 2.9 PUBLIEKE ADMINISTRASIE

'n Professoraat of 'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat of 'n Junior Lektoraat.

### 2.10 ROMAANSE TALE

'n Junior Lektoraat in **Italiaans.**

'n Junior Lektoraat in **Spaans.**

## 3. Fakulteit Natuurwetenskappe

### 3.1 FISIKA

'n Lektoraat in **Teoretiese Vastetoestandfisika.**

**Minimum kwalifikasie:** MSc in Fisika.

**Diensaanvaarding:** 1 Julie 1993 of so gou moontlik daarna.

### 3.2 STATISTIEK

'n Professoraat of 'n Mede-professoraat, 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat en 'n Junior Lektoraat.

**Vereistes:**

**PROFESSORAAT:** PhD in Statistiek met navorsingservaring. Bewese leierskap op vakgebied.

**MEDE-PROFESSORAAT:** PhD 'n vereiste en publikasies. Moet D-studente kan lei.

**SENIOR LEKTORAAT:** PhD of MSc en bewese uitmuntendheid in een of ander aspek van Statistiek. Moet M-studente kan lei.

**LEKTORAAT:** Minstens Meesters- of Honneursgraad in Statistiek plus wye ervaring. Akademiese uitnemendheid 'n vereiste.

**JUNIOR LEKTORAAT:** Minstens Honneursgraad met uitstaande akademiese rekord.

## 4. Fakulteit Opvoedkunde

### 4.1 DIDAKTIEK

'n Professoraat en 'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat of 'n Junior Lektoraat.

### 4.2 FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING

'n Professoraat of 'n Mede-professoraat en 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat.

### 4.3 VERGELYKENDE OPVOEDKUNDE EN ONDERWYSBESTUUR

'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat of 'n Junior Lektoraat.

Kennis van Afrika- en/of Oosterse kulture sal 'n aanbeveling wees.

### 4.4 INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

'n Hoofnavorser of 'n Senior Navorser of 'n Navorser.

**Minimum vereistes:** Hoofnavorser en Senior Navorser: DEd. Navorser: MEd. Onderwyservaring (alle poste) en navorsingservaring vir die poste van Hoofnavorser en Senior Navorser is 'n addisionele vereiste.

## 5. Fakulteit Regsgeleerdheid

### 5.1 HANDELSREG

'n Professoraat of 'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat.

### 5.2 PRIVAATREG

'n Professoraat of 'n Mede-professoraat of 'n Senior Lektoraat of 'n Lektoraat.

### 5.3 INSTITUUT VIR BUITELANDSE REG EN REGSVERGELYKING

'n Senior Navorser of 'n Navorser.

Spesialisering of ervaring in Regsvergelyking, Internasionale Privaatreg en/of Volkereg en 'n goeie kennis van Frans en Duits sal 'n aanbeveling wees.

Aansoeke sluit op 10 Junie 1993 en keurkomitees sal gedurende Augustus 1993 onderhoude voer. Aanstellings tree normaalweg op 1 Januarie 1994 in werking.

Aanstellings in Junior Lektorate geskied normaalweg aanvanklik op 'n tydelike basis.

Aansoekvorms asook besonderhede aangaande byvoordele en salarisskale is verkrygbaar:

**PER POS**

Die Hoof: Departement Personeel, Posbus 392, Pretoria 0001.

**IN PRETORIA**

**Persoonlik by:** Toonbank 10B, Vlak 10, Administrasiegebou, Muckleneukrant.

**Telefonies van:** (012) 429-2571, 429-2575, 429-2788, 429-2618 of 429-2705.

**IN DURBAN**

**Persoonlik by:** Mnr. J.T. Lee, Stangerstraat 230.

**Telefonies van:** (031) 368-1443.

**IN KAAPSTAD**

**Persoonlik by:** Mnr. E.J.J. Olivier, Riebeekstraat 63.

**Telefonies van:** (021) 25-1528.

**IN PIETERSBURG**

**Persoonlik by:** Mnr. P.C. Pretorius, Landdros Maréstraat 29a.

**Telefonies van:** (01521) 91-2167/8.

# briewe

## WIE IS WIE?

**JAN TALJAARD VAN INNESDALE SKRYF:**

Met die eerste sien van die lys name wat julle verlede Vrydag op bladsy 26 gepubliseer het ("Ons is almal so"), kon ek eers nie verstaan of dit die intekenaarlys van *Vrye Weekblad,* die ledelys van die Middelmatigheid-Ondersteuningsklub, of dalk selfs die ledelys van die plaaslike Blanke Moffiebevrydingsleër (BMBL) is nie.

Natuurlik was daar diegene wat met die toevoeging van hul name by die lys dit opreg moet bedoel het en wie se integriteit heeltemal bo verdenking was met hul onderskrywing van die nie te onprysenswaardige ideale nie.

Maar daar was ook:

Verskeie van hulle wat die kiem van ondergang in hul genetiese samestelling ronddra; Immerstoelende Yeoville Hausfraus van albei geslagte, Eienaars van Troeteldiere wat sukkel met seisoensveranderinge; Beenhariges van veral een geslag; Selferkende Poedelsagers en Duiwelsaanbidders; Lithium-misbruikers en Verwante Afhanklikes; Gesondheidskoskopers; Rooibosteedrinkers; Rymdwanglike Besweerders van die Jongmeisiejeuk; Kleinburgerlike Biegmoeders van die Ouvroujeuk; Kwaadstekeriges oor alle grense van fatsoenlikheid heen; Verbete Klimmers langes die rugkrap-trapleer van sosiale en polities korrekte aanvaarbaarheid; Hulle wat vatvyf-planne in die kankerkamers van Kalender smee; Voormalige Uitgewekenes wat wonder waarom hulle teruggekom het; Swaarsuigende Lesbiërs; Selfvermeende Skrywers; Egbreukers; Obsessionele Selfportretskilders; Sirkusdwerge; Hulle wat weier dat regses vir hulle praat, maar hulle tog saag; Verloopte Hippies, Redakteursminaresse, Flambojante Dasdraers, Pofpaartjies en Driestukspanmaats.

Net so min as wat ek die regses vir my sal laat praat, kan ek toelaat dat bostaande bloedskandelike spulletjie die woord namens my voer.

Had Allan Ginsberg hier gebly sou selfs hy oor die koddige versameling regtig nie veel kon sê nie. Miskien onder die opskrif "Piep", die volgende:

"Ek het gesien hoe abnormale omstandighede toegelaat het dat die middelmatigste geeste van my geslag hulself in lyste, koffiewinkels, gedeelde skedule 4 voorskriflyste en wedersydse bewonderingsklubs op die voorgrond stoot."

Dit is nou buiten die enkele opregtes en paar ware groenes wat hopelik gerook was toe hulle geteken het.

Wie is wie? Laat ons maar al die skoene op 'n hoop gooi sodat die Aspoesters en hul Aaklige Susters kan begin aanpas.



Evita Bezuidenhout

## HUG A BOER

**EVITA BEZUIDENHOUT, AMBASSADOR IN TRANSIT LOCO IN THE INDEPENDENT HOMELAND REPUBLIC OF BAPETIKOSWETI WRITES:**

To help clarify another misunderstanding and help clear the air:

The much decried words "Kill the farmer, kill the boer!" that naughty people are using to frighten fraughty people are a wrong translation from the ethnic - like Chinese, Blacks find it difficult to say the letter "s" they make it sound like an "l" - therefore: "Kiss the farmer, kiss the boer!"

Ala wêreld, such a fuss about nothing!

Amandsa/Vlystaat!



Joan Hambidge

## GOU OP DIE TONE

**JOAN HAMBIDGE VAN KAAPSTAD SKRYF:**

Dankie vir L.I. Bertyn se hulde. Van een groot kritikus aan 'n ander: TvL is die afkorting vir *Tydskrif vir letterkunde;* ons verwys eerder na JLS of TLW.

Wat die hele wesentlike kwessie betref van vriend/vyand binne die Afrikaanse letterkunde: wie het meer as liewe L.I. Bertyn ons bewus gemaak van die groeperinge? Wie het smalend verwys na dié of daardie groepie? Dit is verder interessant dat hy verwys na 'n kritikus wat tien jaar gelede smalend was oor Elize Botha en nou oor haar werk skryf. Dit mag lesers interesseer om te weet dat hierdie kritikus sy edele Gerrit Olivier is. Het ek alweer op 'n toon getrap wat smeek om 'n rááк trap. Dit word darem alte deursigtig om te sien hoe L.I. Bertyn vir Olivier beskerm.

## BRUTALE RUGBYREËLS

**CHARLES MALAN VAN MEYERSPARK, PRETORIA SKRYF:**

Bloot ter wille van die belangrike diskoers rondom skryfwerk oor gay temas is dit miskien gerade om die kernpunte van my paneelbydrae daaroor tydens die beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde by Maselspoort hier te herhaal. Ek het ter aanvang daarop gewys dat sommige letterkundiges wat slegs oor strukturele aspekte van tekste met gay temas praat en inhoudelike sake soos seksuele geweld ignoreer, in die hande speel van die gays wat meen heteroseksuele mag nie saampraat nie.

Natuurlik is gays baie jare lank in ons bekrompe gemeenskap gemarginaliseer en is die strukturele geweld van apartheid oorgedra na die meersterkodes wat gebruik is om "die ander" as veragtelik en minderwaardig voor te stel (kodes soos blank, heteroseksueel, kragdadig, geletterd, middelklas, Calvinisties...). Natuurlik kan die heteroseksuele slegs beperkte begrip hê van die gays se lang geskiedenis van vernedering, vyandigheid, pyn, van gevange wees in die kas as kerker.

Ons moenie verbaas wees dat die gay skrywers ons op ons eie speelveld en volgens ons eie brutale rugbyreëls aangevat het nie. Waarom mag gay skrywers nie soos 'n RR Ryger of 'n PJ Haasbroek seksualiteit aggressief ten toon stel, skok en doodgewoon veg, of postmodernisties met pornografiese tegnieke omgaan (?) nie?

Die eintlike probleem met die diskoers, het ek toe al gesê, is dat 'n besonder invloedryke groepie gays in die literêre wêreld van ons, "die ander", sjibbolet-woorde eis voordat ons hoegenaamd mag saampraat. Toe ek 'n positiewe resensie oor die bloemlesing homoërotiese tekste, *Wisselstroom,* geskryf het, is ek deur sommige gays op die hande gedra; toe ek 'n minder gunstige resensie oor *Slagplaas* skryf, is daar in die binnekringe gesê my onderrok hang uit en ek bespreek "nie-literêre" sake.

"Toetse" soos Wilhelm Liebenberg se bewering in 'n resensie dat literatore se reaksie op *Slagplaas* 'n "waterskeiding" gaan wees, lyk my onaanvaarbaar - ten spyte van sy outydse kwalifikasie dat "gehalte" bykans objektief ter sprake is. My groot waardering vir aspekte van die bundel se "literêre gehalte" is op skrif; beteken dit dat die uwe en soveel ander lesers hulle bekke moet hou oor ander sake waarvan hulle hou of nie hou nie, en dat hierdie voorkeure met "literêre" evaluering niks te doen het nie?

Natuurlik lees die oningewydes soms die teks verkeerd, soos Tom Gouws wat die pornofoto in Koos Prinsloo se *Slagplaas* aan die verkeerde geslag toegedig (!) het. Hy het klaarblyklik êrens die pad byster geraak, tussen die labia major en die anus minor, die skaamhare en die geilhare, die twat en die twig. Maar 'n mens hoef darem nou seker ook nie 'n hoender te wees om te weet dat iets wat deur 'n nou opening gepers is, soms onwelriekend is nie.

In die wye wêreld van die literatuur is ons ook, en veral, aan diegene wat ons maklik as "die ander" definieër en stereotipeer, eerlikheid verskuldig. Kliekvorming en ideologiese manipulasie werk na alle kante toe op dieselfde manier. As ons patriargale, chauvinistiese menere die hand in eie boesem moet steek, soos ons wel moet doen, moet "die ander" minstens vra hoekom 'n term soos "die moffia" hoegenaamd ontstaan het.

Kategoriese ons/hulle-verdelings is bepaald onnodig in 'n situasie waar soveel mense wat hulle met die literatuur bemoei, besig is met een van die belangrikste temas sedert die verset teen apartheid: die ontleding van taboes in die Afrikaanssprekende gemeenskap. Dit behels veel meer as 'n oppervlakkige debat oor "gay-wees"; dit vereis 'n pynlike self-ondersoek, 'n openhartige ontleding van die vroulike elemente in die man, en omgekeerd. Hierdie soort verkenning was nog nooit die prerogatief van gays nie.

Indien die bydrae tot die paneelbespreking hierbo vir sommiges op "moffie-bashing" neerkom, vra ek graag ons gaste aan wie die Gilde 'n forum gebied het, om verskoning. Om te beweer dat "die Gilde" (soos een man?) gays verder verdruk, grens egter aan die paranoïese.

(Terloops: ek het tydens die beraad onderneem om nie met Gildelede in bekgeveggies in die pers betrokke te raak nie. Johann de Lange en Phil du Plessis se name is op die ledelys. Vrede vir hulle.)

## GESIGLOSE BROER

**DR JOHAN F PRINS VAN NORTHCLIFF, JOHANNESBURG SKRYF:**

Die brief geskryf deur 'n ene Jeeram van Bethlehem (VWB 7 - 13 Mei 1993) is 'n tipiese voorbeeld van die oneerlike gefemel deur 'n gesiglose Broederbonder of een van hierdie organisasie se gatkruiper-meelopers. Wanneer sulke papbroeke bedreig voel, dan skuil hulle agter die bestaan van die Vrymesselaars, maar verswyg die gemak waarmee hulle saam met laasgenoemde organisasie kan heul wanneer dit hulle pas. Neem maar ons sogenaamde regstelsel wat deur hierdie tipe geheime saamwerkery al só verkrag is, dat die Suid-Afrikaanse regspleging stink in die neusgate van ordentlike mense wêreldwyd.

As Jeeram die karakter besit wat nodig is om werklike verraad te herken, sal hy nie onder 'n skuilnaam skryf nie. As hy bewyse het oor ongeoorloofde optrede deur Vrymesselaars, behoort hy dit bekend te maak, of so nie maak hy hom skuldig aan medepligtigheid. Die argument dat Hennie Serfontein noodwendig 'n Vrymesselaar moet wees as hy die agterbakshede van die Broederbond aan die groot klok hang, demonstreer net die infantiele verstand waarmee Jeeram sy omgewing analiseer.

Dit is hierdie mentaliteit, verpersoonlik deur die Broederbond, wat ons land tot op die randjie van 'n afgrond gebring het. Daar is nie plek in 'n werklik-demokratiese Suid-Afrika vir so 'n organisasie nie. Ook nie vir die welpies (NP, HNP, KP, AWB, ens.) wat deur die jare uit hierdie organisasie se onheilige lendene voortgevloei het nie.

## HOESÊ?

**VANESSA HOLLOWAY VAN PIERRE VAN RYNEVELD, PRETORIA SKRYF:**

Sal iemand asseblief tog vir Andrea Vinassa 'n psigologiese woordeboek skenk? Die arme ding is "clueless" as dit by psigologiese terme kom - maar bang is sy definitief nie om terme verkeerd te gebruik nie!

In VWB 23 April 1993 doen sy 'n "skade-berekening" oor die rolprent *Damage.* Sy skryf: "Hoe eroties en betowerend *Damage* mag wees, bly dit 'n konserwatiewe, moralistiese prent wat psigose en self-verwoesting romantiseer."

Waar in hierdie prent het psigose ooit ter sprake gekom?

Nie 'n enkele karakter in die rolprent was ooit naastenby psigoties nie. Hulle was wel baie ander dinge waarvoor daar terme in die psigologie bestaan... maar psigoties...!

Destyds in haar beoordeling van *The Fisher King* verwys sy na die karakter Perry (Robin Williams) as 'n psigopaat. Nou, hy was psigoties, maar vrek ver van 'n psigopaat! Die verskil tussen psigose en psigopatie is baie groot.

Terwyl ons nou skenkings vir Andrea Vinassa vra, sal iemand to maar ook vir haar 'n teologiese woordeboek skenk, daar blyk ook 'n probleem te wees, merk ek.

## ETNIES GEPUURDE LYSIE

**PETER JOHN MASSYN VAN JOHANNESBURG SKRYF:**
Die lysie etnies gepuurde name wat saamkoek onder 'n strepie kragdadige clichés in verlede week se VWB steek my dwars in die krop. Vergun my dus om u brieweblad te gebruik om 'n bietjie gal oor die Boere te braak.

Kom ek rig my pront-uit aan die spannetjie Afrikanerwaagmoediges: ek dink julle beweegredes is verdag. Die gemak, die uitstallerigheid en die etniese afsonderlikheid van julle "daad" maak dit vir my onmoontlik om met julle te identifiseer. Ek vermoed dit gaan vir die meeste van julle in hoofsaak om image. Dit is tog so moeilik om hip te wees as jou naam en aksent jou vasketting aan 'n apartheidsverlede en boonop jou skaar by 'n klomp baar bliksems wat hulself ware Afrikaners noem. Dit klink vir my te veel na 'n selfverontskuldigingende geskarrel sodat 'n nuwe ingroepie met skoon handjies die rug op die verlede kan draai. En dit is verstommend naïef om te dink dat die nageslag hierdie soort vertoon in berekening gaan bring by die beoordeling van julle "skuld". (Sommige van julle se moed het ook maar bietjie-bietjie en laat in die dag gekom.)

Buitendien: is dit werklik nog nodig om 'n knus hoekie vir samehorige Afrikaners onder die ANC-son in te rig? Ek het gedink dit is lankal oraait om links en Afrikaanserig te wees; en dat dit nou gaan om die bou van nuwe strukture. Hoekom die skielike behoefte om as Afrikaners (die ou vlaggie is myns insiens so toiingrig dat ons hom maar liefs moet ophou hys) saam te staan en julle onskuld in die openbaar te verkondig. Waarom gaan dit werklik? Julle gewetens sus en goed lyk, of die bevordering van 'n nie-rassige demokrasie?

As daar in vandag se Suid-Afrika nog 'n grootse politieke agenda skuil agter die uitstal van die ritsie name in 'n moedige, dog marginale weekblad moet iemand dit tog aan my verduidelik.

Ns. Gepraat van Afrikanerchauvinisme: Max du Preez se onbeskaamde Wasp bashing in sy stukkie oor die Engelstalige media en rondom die Hani-begrafnis mag dalk sy Boeretoontjies laat krul van die lekkerkry, maar dit lyk my gevaarlik na aan die soort rassisme waarteen VWB kwansuis stry.

## KING INK NIE PENISBEHEP?

**"IEMAND WAT WEET" VAN JOHANNESBURG SKRYF:**
Na aanleiding van die resensie van "Ry die Ding" op RAU: Natuurlik was die ding toe maar flou. Veral as jy sélf al vroeg-vroeg die aand flou was met 'n bierblik (falliese simbool) in jou hand.

Dit is in elk geval 'n "troebel resensie" en deur "wasige oë" kon die skrywer seker ook nie agterkom dat sy 'n band, naamlik King Ink, uitgelaat het nie. Of was dit dalk reeds omdat hulle laat gespeel het, dat sy nie eens bewus was van hulle nie?

Het die skrywer dalk die moeite gedoen ("dis nie juis 'n verrassing nie") en na die musiek en lirieke geluister het, sou sy agtergekom het dat dit alles behalwe "penisbehepte garagebands" is. Miskien moes mense wat in 'n professionele hoedanigheid daar was, liewer die "reël van middelmatigheid" in gedagte gehou het toe dit by die drank gekom het, dan was die resensie dalk ook meer realisties.

Dit is "sad" as mense toelaat dat hul eie siniese lewensuitkyk met hul werk inmeng en aan alles en almal om haar so 'n suur, bitter smakie gee. Hierdie tipe ongegronde kritiek het niemand nodig nie en haar styl het sy ook nou al sélf holrug gery.

*('n Enkele oordrewe onsmaaklike sin geskrap - red.)*

**Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur.**
**Rig briewe aan:**
Die Brieweredakteur VWB
Posbus 177 Newtown 2113

# brolloks

## WEE O WEE

**WEE** o wee, wat het van Afrikanerdom geword?

In dieselfde week wat 'n groot klomp prominente Afrikaners in 'n koerantadvertensie 'n spoedige verkiesing en 'n vasvat van die regses eis, spreek ene Wilhelm Verwoerd 'n ANC-vergadering as "kamerade" aan.

En dié week kom Madelein Malan, dogter van einste Magnus Totale Aanslag Malan, en skryf in 'n brief aan Business Day in 'n verwysing na bogenoemde Verwoerd: "If I were to be part of the future of SA, I would, like Verwoerd, prefer to be led by people like Tokyo Sexwale and Cyril Ramaphosa than by people proclaiming themselves to be fighting a cause for a specific nation, when it is nothing more than sentimantalism for an old order that keeps them together."

Juis, suster.

En dis juis in dieselfde week wat die pilare om daardie Pilaar van Afrikaner-nasionalisme, die Broederbond, ineen begin stort het.

Boonop ook nog die week waarin die hoof van daardie ou orgaan van Afrikaner-nasionalisme, die SAUK, op nasionale TV voor 'n paneel sit soos 'n stout skoolseun en vir die regter sê: Ek het nie 'n antwoord nie. En waarin die een na die ander Broederbonder stert tussen die bene moes sê skuus, ek het onlangs bedank.

Wat miskien 'n swart week vir Afrikanerdom (AfrikanderDom?) was, was beslis 'n goue week vir die Nuwe Nuwe Suid-Afrika.

## IN RETROSPECT, YES

**BROLLOKS** hoor daar is 'n geweldige groot aanvraag na die videobande van die ondervraging van die voornemende SAUK-raadslede deur die paneel regslui. Hier kan 'n ondernemende SAUK-skelm nog groot geld maak.

Veral dié dele waar Christo Viljoen, Mimi Coertse, die Radio Moskou-man en Hendrik Sloet ondervra is, is gewild.

Een senior SAUK-man sê dié week aan Brolloks: "Ek was op die punt om Christo jammer te kry, toe onthou ek skielik hoe 'n arrogante bliksem hy is."

Viljoen se onderdane het só lekkergekry oor sy verleentheid dat daar selfs mense is wat met klankbande en transkripsies van sy konfrontasie rondloop.

Dis waar Brolloks dié transkripsie gekry het. Viljoen was vol selfvertroue en holier-than-thou toe regter Ismail Mahomed hom beetkry.

Die regter: "Extra-parliamentary politics included politics that were perfectly legal, did they not?"

Die beskuldigde: "Well, some were at that stage excluded."

"Well, what other politics could black people indulge in other than extra-parliamentary politics?"

"I'm not a political expert, sir."

"What other politics could a black person indulge in if he hasn't got the right to vote in parliament, but to do it outside parliament?"

Stilte.

"You have no answer?"

"No, I have no answer."

"Well, then, isn't it entirely arbitrary to say that the politics of the majority will not be given any time or airing on the SABC? Is that not an entirely white perception?"

"That could be said, yes."

"Don't you think that was an error in news policy?"

"In retrospect, yes."

Brolloks het 'n vermoede ons gaan "in retrospect, yes" nog baie keer hoor in die weke en maande wat voorlê.

## SIT GELD OP

**BROLLOKS** se geld vir die nuwe SAUK-raad is op die volgende name: Dikgang Moseneke, Van Zyl Slabbert, Lydia Kompe, Jakes Gerwel, Frank Chikane, John van Zyl, Alex Boraine, Fatima Meer en Sheila Sisulu.

## VIVA TOKYO

**NOG** 'n klein tekentjie so groot soos 'n man se hand dat houdings vinnig aan 't verander is: vroueluisteraars van Radio 702, meestal wit, het dié week in 'n opname vir die sexieste politikus in Suid-Afrika gestem.

Raai wie het gewen - Van Zyl Slabbert? Roelf Meyer? Peter Gastrow? Constand Viljoen?

Hmm hm. Tokyo Sexwale van Umkontho we Sizwe en die ANC.

## KALENDER

**DIE ANC** gaan glo 'n nuwe kalender uitbring as hulle oorgeneem het: January, February, March, March, March, March...

# die gilde as randeier

## **LIBERTYN** wonder of dit nie miskien 'n werklik sinvolle gesprek kan word as die Gilde sy eie periferale status en die redes daarvoor, op die agenda plaas nie?

**WAT** is kuns en letterkunde op *Collage*? 'n Collage. Maandagaand het ek Marianne de Jong, Charles Malan en Koos Prinsloo in 'n rytjie op drie stoeltjies sien sit, in 'n bisarre opstelling waar die een die ander nie kon sien nie, en al drie uitgelewer was aan Amanda Strydom, wat die gesprek tussen hulle - of die "saamkuier", soos sy dit noem - soos 'n vriendelike, dog streng gasvrou gedirigeer het.

Dit was verby nog voor dit begin het, dié gesprek oor die gewigtige onderwerp van die Afrikaanse Skrywersgilde se voortbestaan. Kultuur op TV is 'n versierde koek waaraan 'n mens vinnig moet hap voordat dit weer voor jou neus weggegryp word.

(Dis byna soos wat die volgende aand gebeur het, toe 'n skoolhoof van Namakwaland af Kaap toe gery het om sy mening oor die taalgebruik in *Die Manakwalanders* te gee. Hy het nog gedink hy wil iets sê, toe bedank hulle hom al vir sy moeite en wens hom 'n veilige reis toe. Waarom kyk iemand nog daarna?)

Ná die paar klankhappies op *Collage* het ek toe maar in die goeie ou Gilde-tradisie 'n glas wyn ingeskink, geprobeer om nie aan 80 000 stakende onderwysers te dink nie, en my afgevra: sou die Gilde ophou bestaan, wat sou dan die effek op die Afrikaanse letterkunde wees?

Waarskynlik niks nie. Boeke sal daar nog geskryf en gepubliseer word, resensies sal daar verskyn en pryse uitgedeel word - en ek sal my daarby moet neerlê dat daar een onderwerp minder vir hierdie rubriek sal wees.

**'N GILDE WAT HOM** met die Afrikaanse letterkunde bemoei - want dit is wat die Gilde doen, al het hy ook ander lede en praat hy ook met Cosaw - kan wat my betref maar voortgaan as genoeg mense bereid is om sy jaarlikse vergaderings by te woon, al is dit net vir die vermaaklikheidswaarde.

Om dieselfde rede sal niemand die brugklub in die Parkhurst-ontspanningsentrum, die leeskring van Secunda of die Potchefstroomse fanfare die reg wil ontsê om hulle aktiwiteite voort te sit nie.

Kortom, die uitspraak dat die Gilde irrelevant geword het, dié is nog vatbaar vir verdere diskussie - maar die stelling dat die Gilde moet verdwyn, bring 'n mens gans te naby aan die stink asem van die kultuurkommissaris.

Of die kool die sous werd sal bly behalwe vir die bittereinders, sal bepaal word deur twee ander oorwegings. Een: kan die Gilde iets konkreets vir sy lede doen, soos byvoorbeeld boekverspreiding bevorder of buitelandse vertalings bemiddel? Twee: is daar 'n intellektuele of morele vraagstuk wat genoeg mense met iets om te sê en die bereidwilligheid om te luister, na Mazelspoort of Broederstroom sal lok?

**'Die referate kom en gaan. Die ou lede bly aan die Gilde vasgeplak uit nostalgie. En agter in die saal is daar 'n stelletjie vriende wat lyk asof hulle pas uit een van Haasbroek se rumoeriger verhale ontsnap het'**

Oor nommer een sal ek my by gebrek aan genoeg inligting nie uitlaat nie - 'n rubriekskrywer hoef geen navorser te wees nie, en daarom laat ek die vraag of die Gilde as 'n soort armsorg goeie werk ten behoewe van skrywers en lesers doen, hier in die midde. Oor nommer twee, egter, kan daar nog 'n stuiwer in die armbeurs gegooi word - en 'n stukkie geskiedenis kan hier te pas kom.



Koos Prinsloo

**IN DIE GOEIE OU** dae, toe ons nog almal 'n simboliese identifikasie met 'n saak kon maak om as stryders vir geregtigheid en vryheid vorendag te tree, het sensuur die Gilde saamgebind.

Mosterd na die maal mag dit wel 'n bietjie gewees het as 'n mens in ag neem hoeveel swart en Engelse boeke lank vóór *Kennis van die aand* en *Magersfontein, o Magersfontein!* verbied is, maar dit was 'n saak, dit was 'n bedreiging; dit was iets waarby fatsoenlike mense hulle kon skaar. Maar toe kom die berugte besluit om die deelname van sekere lede aan die sensuurstelsel te kondoneer. Op daardie dag het die Gilde sy eie *raison d'être* 'n groot knou gegee. Dis 'n skandaal dat iemand wat op 'n publikasiekomitee sit, as lid van 'n skrywersorganisasie aanvaarbaar kan bly.

Van toe af aan het die Gilde maar 'n bietjie aangeskipper. Daar was die jaarvergaderings wat dikwels iets weg had van 'n tema-aand, referaat-onderwerpe gekies nie uit werklike belangstelling nie, maar om by te bly met vraagstukke wat nie deur die Gilde gegenereer is nie.

Koos Prinsloo se klagte dat diepgaande gesprekke nie vanjaar by Mazelspoort plaasgevind het nie, klink na 'n beskrywing van 'n paar ander vergaderings waar ek ook was. Die referate kom en gaan. Die ou lede bly aan die Gilde vasgeplak uit nostalgie. En agter in die saal is daar 'n stelletjie vriende wat lyk asof hulle pas uit een van Haasbroek se rumoeriger verhale ontsnap het.


Vanjaar is daar gepraat oor opstand en oor "periferale" groepe: die gays, die vroue. As 'n mens oor opstand en oor onderdrukte groepe praat, veronderstel jy 'n sentrum of 'n magstruktuur waarteen die opstand gerig is. Is daar so 'n sentrum? Is die Gilde daardie sentrum?

**OF SOU DIT NIE** miskien 'n werklik sinvolle gesprek kan word as die Gilde sy eie periferale status en die redes daarvoor, op die agenda plaas nie? Dit lyk vir my asof die Gilde se rol altyd gekonsipieer is met verwysing na die onhebbelikheid van 'n bepaalde owerheid en na 'n bepaalde posisie vir Afrikaans.

Is dit nodig om te sê dat hieroor gepraat sal moet word, miskien nog vóórdat 'n mens nog begin dink oor al die ander randeiers? Die Afrikaanse taal- en letterkunde as minderheidsverskynsel.


H O N D

*In tye soos dié praat die digter met almal van ons*




**nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde**
Breyten Breytenbach

Dié nuwe werk van Breyten Breytenbach verskyn einde-Mei by HOND/INTAKA. Moenie dat hierdie omvangryke bundel (200 bladsye) jou verbygaan nie. Bestel nou!

*By jou boekwinkel: R69,99*

✎ *Bestel regstreeks by HOND — en kry 10% korting*

☐ *nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde*
Breyten Breytenbach
**R63,00** BTW en posgeld ingesluit



Maak tjeks en posorders uit aan HOND BK en stuur aan **Posbus 208 Groenkloof 0027**
*Laat twee weke toe vir aflewering*

# composing a new identity

**AN AXE IN THE ICE**
Peter Horn
Cosaw

**PRIVATE VOICES**
Achmat Dangor
Cosaw

**DARK RIDER**
Tatamkulu Afrika
SnailPress and Mayibuye Books

**DAVID McKAY**

**THE** latest offering from English language poetry houses SnailPress and the Congress of South African Writers (Cosaw) confirm they are the most poignant and exciting publishers in the South African poetic milieu.

Tatamkulu Afrika is recognised as the freshest new voice to emerge since *Nine Lives* was published under the Carrefour Press banner in 1991 and Dangor and Horn are both recognised as among the best of award-garnering heavyweights as their volume jackets attest. This trilogy of volumes should, therefore, be an ideal opportunity to showcase the rising fortunes of local poetry as top publishers and best poets are brought into arresting synergy.

That this is not convincingly the case expresses, perhaps, the crisis facing local poetry as it strives and phuts towards a new identity. Peter Horn - to quote from one of the titles from *An Axe In The Ice* - is a poet in the service of the revolution. But it is such messy dis-service as to make one wonder if Horn's volume is not the ranting product of one grinding an axe. His descriptions of white on black violence are angry and histrionic railings against incalculable state oppression.

Horn addresses South Africa's most worrying social problem but he does so with such brutal leadenness as to alienate. There is no variety in technique and no facility in the work to make it rise above its content. *An Axe In The Ice* is a gritty no-punches pulled journalism - but it inveighs to the point of tedium. Content drowns style, sentences ramble, the whole effect is so obviously a calculated couching of plumb themes with known effects as to make a victim of the reader. Take a passage from "Trauma Unit" for instance:

Arms hanging from a few tendons, pale, wax-like,
as the saw hacks through the bone: a cripple
even if he lives to see another battle.
Brains oozing through broken skulls and matter hair.
Blue opalising innards spill into sharp light
of the operating table: his last meal white bread.
Corpses with eight bullet holes from AK47s,
the liberator's fun turned against himself
by those that fear liberation.

It is not the schoolboyish morbidity of his work that finally exhausts patience, but Horn's obviation of an informing speaker which leaves the reader with nothing but repetitive documentary. Most of the poems were first given public airings at mass political meetings and probably deserve to be looked on as such - only that it needs to be said that this blatant provocative crowd-pleasing fodder does not transfer to the page with grace.

**BY CONTRAST** Achmat Dangor's central poem "Private Thoughts" is a temperate honing-in on the central poetic conundrum which pits engagement against withdrawal from the world and is typical of the way his volume *Private Voices* meditates on the conflict between the private and public role of the poet. "Private Thoughts" bluntly announces the death of an acquaintance in a politically glossed scenario but then explores the impact of this upon the poet as he perceives himself in his private standing. He eventually resolves to abandon his thoughts of romantic love in "I think of you/red wine in a bare room..." for a role of social usefulness,

Soon I shall have to
marshall my words, deploy fearless images
and muster our redoubtable rhythms,
abandon you, my private voice, like a grieving lover,
and write a poem
that strikes back at the enemy.

The poem succeeds because it quizzically addresses poetry as a social tool. It inquires into the solidarity of the private voice as distinct from political word-mongery and eventually reserves judgement on its own scepticism. This is light-footed work reflected in unshowy images and neat structures and contrasts widely with the sledgehammer muster of Horn's work.

But the most pleasing effort in Dangor's volume is his eleven part series "Africans Abroad". Its observations on identity and African-ness are tempered character studies in the context of European sojourn-homes. "Amsterdam", for instance, is a comparison of history and decay with a consciousness of emerging culture excited and modified by the melancholy of exile experienced by the speaker.


Both Dangor and Horn voice the inherent limitations of protest poetry in the current move towards political reconciliation and, perhaps, give call for a new breed of political relevancy - presuming this is necessary anyway. Horn's vision of apocalypse and Dangor's puzzled verse pick out the hairline structure of politically presumptuous verse in South Africa. There are some weaknesses in the overall design of *Private Voices*, such as Dangor's frustrating preference for a third person narrator to acccommodate his insistence that the poems are multifarious. And his understanding of the privacy of erotic love is worried by the mysterious presence of a busy and omniscient goddess figure which smacks of dished up romanticism as in "Immersion":

I dived into the green pool
of your eyes
and sank with all the soul
of my skin erect
to the luminous death
like unfathomable peace
at the end of our passion.

But he is paced and compassionate while Horn's macabre stridency thrashes for effect and allows opinion to govern expression.

**TATAMKULU AFRIKA IS** not an artful poet. But his roughly hewn story-telling in *Dark Rider* derives its attractiveness from its ability to captivate rather than extol. Many of the poems are shot through with an extraordinary anxiety to purge ghostly memories, as in "The Cell" which describes a return to the venue of suffering,

The door thunders wide.
I walk in,
stand, bemused.
The walls, painted white,
stare at me,
barren as a ward's.
Packing-cases tower round;
someone's singing,
tunelessly,
outside.
I am void
as the graffiti on the walls -
poor, sad ghost I came to comfort,
fled.



Afrika is vaulted far above Dangor and Horn for his ability to deliver an agendaless and unsentimental poetry, *Dark Rider* has its eccentricities, however. The title-poem is confoundingly otherwise and is a volume which places high premium on the agency of reason and description to affect understanding. It oddly summons the powers of myth and dream as an anti-theme.

And sometimes also, when I lie still,
I hear the dark rider passing by,
the whisper of his cloak in the wet grass, the scuff of hoof on a stone...

And although I know well there is no one there,
I have a right to dream,
a dream like a child's
of the night and the watcher whose face turns aside...

The evocation of the mysterious dark rider - a oneiric personification of the poet's insistence that imagination matters - is never followed up in any of Afrika's ensuing poems. It stands as a curious Eden which is lost to the bergies and the activists which populate the rest of the volume. Women-folk, disturbed inmates, hooligans and loved ones mill about the volume in a Dickensian vivacity, but never access Afrika's symbol of hope and loss as captured in the poem "Dark Rider" or exit their own world of bland, unexceptional quotidian. Like every good story-teller, there is a tendency "to go on a bit" but Afrika always emerges with a jewel of truth (sometimes slender) to revive the direction of the poem as in "The Killing"


...helping lower him to his last
abasement in the shit-
soft capsulising clay,
finding for him, then, the sudden tear
that is not enough, not enough.

Afrika has had a rare and vigorous life and *Dark Rider* is a gleeful and sombre tribute to that life.

# FYNPROE

## MET NETTIE PIKEUR

### KOM POSJEER 'N EIER, SKEP 'N BORDJIE PAP
### OF SMEER KAVIAAR OP ROSYNTJIEBROOD



**WANNEER** die weer finaal gedraai het - vroeë winter, almal het jig van al die rooiwyn - wend ons weer ons gedagtes na ontbyt. Ons Pikeurs het ons nog nooit veel aan dieetkundiges en alwetende ma's gesteur oor die onderwerp van brekfis nie. Sommige mense eet elke dag Special K met bloumelk, ander kook 'n eier, nog 'n groot getal word groen by die gedagte aan kos voor elfuur en drink koppies koffie.

Vandag eet ons ontbyt. Dis 'n helder Kaapse Saterdagoggend en ons dink aan sampioenejag in die bos ná die reën. En hoe lekker sulke vars gebraaide sampioene smaak op toast met 'n snippertjie grasuie en 'n strooisel tiemie oor.

Maar begin voor: Terwyl jy die pap roer, bak eiers in die oond, want gebakte eiers in 'n pan sit vas en jy moet te veel dinge tegelyk doen. Smeer 'n plat oondskottel (die vierkantige een uit ons versameling Mosambiek-erdeware is perfek hiervoor) en breek soveel eiers daarin as julle wil eet. Plaas klontjies botter oor, en druk die bak in 'n lae oond. Daar kan die eiers bly, tot 45 minute later, en julle reg is om te eet.

Of jy kan eiers posjeer. Ek het jare gelede ontdek hoe om 'n eier in water te posjeer sodat hy nie uitmekaar val en sulke lang wit drade maak nie. Eerstens moet jou eiers vars wees. Vars soos gister of eergister se lê. En as jy 'n stadsjapie is met nie 'n lêhoender in sig nie, draf af Waterfront toe, waar 'n eierman halfdosyn soorte eiers, sommige met dubbeldooiers verkoop, almal heerlik vars.

Of as jy 'n ou supermarkeier gebruik, maak so: Kook sowat drie duim water in 'n pannetjie. Sit die eier (dop en al!) in die pan en rol hom met 'n houtlepel rond terwyl jy tot sestien tel. Haal die eier uit, breek versigtig oop, en laat val uit die dop saggies in die kookwater. Kook een minuut lank, draai die plaat heeltemal af en sit 'n deksel op die pan. With any luck het jy ná 'n paar minute 'n lieflike ronde eier wat jy versigtig met 'n gatjieslepel uit die water haal.

Sit voor op roosterbrood met snytjies kaas, konfyt, of wat ookal. Nog beter, braai die brood in 'n pan in botter of olyfolie tot crisp en geurig. Dit kan wit- of volkoringbrood wees, maar vir ontbyt voel ons almal sterk oor goeie witbrood.

**JARE GELEDE HET** iemand vir my 'n potjie kaviaar present gegee. Nou nie die regte, egte ding nie, maar so tussen sevruga en viseiers. Classy, but not world class. Ek het dit gehou tot ek eendag alleen ontbyt geëet het, op my verjaardag. 'n Halwe avokadopeer, 'n paar druppels suurlemoensap, volkoringbrood en botter, 'n coddled vars eier, en skeppies kaviaar tussenin. Dit was een van die lekkerste breakfasts ooit, hoor.

And here's how the coddled egg. Jy gaan koop vir jou 'n coddler. Nee, ek weet nie wat dit in Afrikaans is nie, dis 'n Ingilse ding. Dis 'n dik porseleinpotjie met 'n metaal-skroefdeksel, gewoonlik gemaak deur Royal Worcester, in verskillende groottes. Ek het enetjie wat één eier sal hou, met geursels by. Jy smeer die potjie met botter. Breek jou eier daarin, snipper 'n stukkie ham in, strooi Parmesaankaas en swartpeper oor, en skroef toe. Dié potjie laat sak jy in kookwater vir 10 of 15 minute en jy kry in heerlike gekookte eier, gesmelte kaas en geursel, wat jy met 'n lepel uit die coddler eet.

Terwyl julle wag vir die eiers om gaar te word, kan jy gerus ook weer hash maak. Dis gebraaide aartappels in die pan, gemaak met baie botter en olie. Jy skraap en druk die aartappels tot dié begin bruin word onder, keer om en braai weer. Dis goddellik lekker by eiers of gebraaide ham of bacon, maar dit moet bacon wees, verkieslik Duits.

'n Ander gunsteling is die gewone varkworsie. Jy comparison shop tot jy 'n worsie teëkom wat jou pas. Dan braai jy 'n paar saggies in botter tot die worsies bruin is, skep uit en hou warm, en in die vet wat oorbly, braai jy appelringe met 'n strooisel fyn kaneel. Skep op by die worsies en sit blatjang ook voor vir die wat lus is vir byt.

Kinders het 'n snaakse houding teen brekfis, het iemand al agtergekom? Hulle wil dit vreeslik graag hê, maar sit nie rond soos die grootmense en drink koppies koffie tussen nog snytjies roosterbrood nie. Hulle hou veral van die eierdooier, en los die wit vir jou om koud op te eet, later, met nog toast. Vir dié kids maak jy special treat: Smeer marmelade op toast, en druk dan gerasperde kaas bo-op. Dit is om die waarheid te sê, nogal lekker vir grootmense ook.

Hildagonda Duckitt se *Diary of a Cape Housekeeper* het wonderlike resepte wat dateer uit om en by 1902. Hier is

**NIERTJIES EN EIERS**

Plaas 4 niertjies in water, sny die velletjies af, rol hulle in fyn broodkrummels gegeur met cayenne-peper en sout. Braai stadig in botter of vet tot mooi sag, en sny dan in klein blokkies. Klits 4 eiers en meng met die niertjies, en maak scrams.

Ek vind die smaak van niertjies alleen te wild, en gooi altyd 'n lepeltjie sjerrie oor as ek hulle net so voorsit. En met 'n skoot room. Onse pa was baie lief vir viskuite, en dié het hy net so in botter gaargemaak en met scrams geëet. Jy koop kuite by die visman, veral een wat Portugees is.

Vir dié wat lief is vir vrugte en so aan eerder as die heavy duty brekfis stuff, onthou om die vorige aand 'n karton joghurt in 'n doek oor 'n bak te plaas om te dreineer. Die dik wit joghurt wat agterbly, is heerlik met koejawels, of gestoofde vrugte soos kwepers of pruime. Jy kan natuurlik Woollies se dik Griekse joghurt in die plek daarvan koop, maar selfs Mies Pikeur, wat 'n ysterlewer het, vind dit te ryk vir meer as een skeppie op 'n slag.

**DIE KONFYT WAT** ons vroeër vanjaar van 'n oormaat kersies aanmekaargeslaan het, is nou lekker. Ek het te min suiker by die kersiekonfyt gegooi, toe smaak dit darem te laf vir al die moeite. En ek gooi 'n koppievol skerp marmelade by. Is dit nou heerlik! Dié skerpsoet kersie-marmaladekonfyt eet ons op rosyntjiebrood, wat ek gelukkig by die bakkery in die Tuine kan koop, anders moet ek dit maak.

Ten slotte, maak jou eie warm sjokolade. En moenie eens dink aan daardie simpel bliksjokolade met prentjies van kinders op nie. Dis net melkpoeier, suiker en geursel, terrible stuff. Maak jou eie: Op 1 kopppie melk rasper jy 50 g gewone sjokolade. Verhit stadig in 'n potjie en roer tot die sjokolade gesmelt het en die melk warm, maar nie kokend is nie. Klits en voeg suiker na smaak by.


Teen die tyd dat julle twee koppies hiervan gedrink het, die laaste stukkie cheddar met 'n toast-korsie opgeëet het en die heuning afgelek het, is dit tyd vir 'n glasie vonkelwyn. Santé!

HOW LOW CAN YOU GO?
OUR FRESH PRODUCE COMES FROM BELOW C - LEVEL
Sfuzy's
SEAFOOD RESTAURANT
Seekosrestaurant
MILPARK
TEL 7265803 / 7268406


"My brandy, like my clothes, must have a Superior label."
Connoisseur
V.O. Superior Brandy.
For those who know.
CONNOISSEUR
A classic blend of style and taste.
Consistently smooth. Distinctive. Discerning.
THE WHITE HOUSE 2100/E

# monumental sets on minute budgets

**Award-winning designer JAMES MACNAMARA is currently finishing off his enormous set for Pact's production of *The Great Gatsby*. CHARL BLIGNAUT speaks to him**




*Romeo and Juliet* by Shakespeare. Directed by Ilse van Hemert.

